

## 13.2 RAPPORT STUDIEDEPUTATE VANWEË DIE BESWAARSKRIF TEEN DIE GOEDKEURING VAN DIE 1983-BYBELVERTALING (Artt 87, 160)

- A. Prof GJC Jordaan lewer die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Bybelmedia en Vertaling.
- C. Dr J Lion-Cachet rapporteer namens die Kommissie Bybelmedia en Vertaling.

### D. RAPPORT

#### 1. Sake vir kennisname

##### 1.1 *Opdrag en werkswyse*

- 1.1.1 Die Nasionale Sinode GKSA 2006 het as Studiedeputate vanweë die Beswaarskrif van GL Erasmus ea oor die goedkeuring van die 1983-vertaling van die Bybel (AV83) vir kerklike gebruik die volgende persone aangewys: Proff GJC Jordaan (Voorsitter), PP Krüger, dr AH Grové, ds BCG Fourie.
- 1.1.2 Die besluit van die Sinode waaruit die opdrag aan die Studiedeputate voortspruit, is op bladsy 154 van die Acta van 2006:
  - "3. Aanbevelings
    - 3.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik
    - 3.2 Die beswaar word na Studiedeputate verwys.
      - Motivering:** Die werk is geweldig omvangryk met baie Bylaes wat gekontroleer moet word. Dit sal onmoontlik staande die Sinode afgehandel kan word.
      - Besluit: Goedgekeur."**
- 1.1.3 Die Studiedeputate het die opdrag so opgeneem dat die Rapport die Beswaarskrif met sy beswaargronde moet weeg en aanbevelings daarvoor aan die Sinode van 2009 moet maak vir besluitneming.
- 1.1.4 Die Studiedeputate het by wyse van elektroniese media en die telefoon die opdrag afgehandel.
- 1.1.5 Die Bylaes wat by die Beswaarskrif gedien het, is in die studie opgeneem en inligting uit ander studiemateriaal (bv die boek *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling* (2003) van Jeanette Erasmus) is ter agtergrond ingewin.
- 1.1.6 Ter wille van rapportering is nommers aan die onderskeie beswaargronde van Beswaarskrif toegeken (telkens met verwysing na die ooreenstemmende punte van die Beswaarskrif).

##### 1.2 *Besluite waarteen beswaar gemaak word*

- 1.2.1 Die besluite waarteen beswaar gemaak word, is die volgende:

- 1.2.1.1 Handelinge (Acta) 1970:301 en 302: Die Sinode besluit dat 'n nuwe vertaling onderneem word, wat rekening sal hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek, terwyl dit so getrou moontlik aan die grondteks en 'n waardige vertaling sal wees wat ons volk aanspreek binne en buite die kerk, in die erediens en huislike gebruik – *in ons teenwoordige situasie en tyd*.  
As riglyn vir die vertaling besluit die Sinode dat die vertaling so verstaanbaar moontlik moet wees, ook vir jongmense, maar die oorspronklike koloriet moet so ver moontlik behou word, met beklemtoning van die waardigheid van die vertaling. Vertaling is geen parafrase (omskrywing) nie – dit is die werk van kommentare.
- 1.2.1.2 Acta 1985:576, 4.2: *Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word.*
- 1.2.1.3 Acta 1985:593, 2.4.2, pt 1: Die 1983-vertaling vervang nie die 1933/53-vertaling, wat nog steeds 'n geldige en *gelykwaardige* vertaling is nie.
- 1.2.1.4 Acta 1991:113, 2.1.2.5.1.3: *Binne bogenoemde beginselraamwerk (2.1.2.5.2) kan verskillende vertalings wat in vertalingsdoel van mekaar verskil, gemaak word en naas mekaar bestaan (kyk 2.1.2.4.3).*

- 1.2.1.5 Acta 1991:128, 14: Die Beswaarskrif lewer nie bewys van grondige redes waarom die besluit van 1985, nl "Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word" (Acta 1985:576) gerojêer of hersien moet word nie. Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

*Besluit: Goedgekeur.*

### 1.3 *Uitgangspunte van die Beswaarskrif*

1.3.1 Die volgende word as uitgangspunte van die Beswaarskrif gestel:

1.3.1.1 KO, art 30, en dele van die Skrif en Belydenis wat die artikel ten grondslag lê, word as basiese uitgangspunt gestel. Wat KO, art 30 betref, word klem daarop gelê dat kerklike vergaderings "kerklike sake op kerklike wyse" moet behandel. Voorts word beredeneer dat met 'kerklike wyse' bedoel word beteken 'ooreenkomstig die Bybel'. Indien 'n kerk nie hou by die werkswyse wat die Skrif gee nie, is sy besig met eiewillige godsdiens strydig met KO, art 30.

1.3.1.2 Vir die weeg van kerklike optrede word die volgende Bybelse 'toetsbeginsels' gestel: Ondersoek die geeste, of dit uit God is (1 Joh 4:1); vrugte moet aan die boom, en bome aan die vrugte beoordeel word (Matt 7:16-21; 12:33-37); getuies/getuienis moet betroubaar wees (Eks 20:16; Deut 17:6; Matt 18:16; Rut 4:11; Spr 24:28; Hand 1:22, 10:41; 1 Tim 6:12; Joh 5:16-47, 8:16,17).

1.3.1.3 Bybelvertaling is kerkwerk (Acta 1991:111 en 112, 2.1.2.4 & 5) en mag dus slegs op rigsnoer van die Skrif self geskied.

1.3.2 **Bevinding:** Bogenoemde sake is geen beswaargrond nie maar stel bloot die uitgangspunte waarop die Beswaarskrif berus.

**Besluit: Kennis geneem van 1.1.1 tot 1.3.2.**

## 2. **Sake vir beoordeling**

Die beswaargrond van die Beswaarskrif (BS) word in drie kategorieë aangebied: 'n formele beswaargrond (punt 3 van BS), prinsipiële beswaargrond (4.1-4.7 van BS) en enkele meer praktiese besware (4.8-4.11 van BS).

### 2.1 *Formele beswaargrond*

**Die Beswaarskrif stel die volgende formele beswaar (Acta 2006:135, 3) – Beswaargrond 1: "Die NAV voldoen nie aan die opdrag nie"**

#### 2.1.1 **Eerste motivering vir beswaargrond** (Acta 2006:135, 3.1)

Die Eerste motivering word soos volg saamgevat: Die 1983-vertaling van die Bybel (AV83) voldoen nie aan die vertaalopdrag en vertaalbeleid wat deur die Nasionale Sinode van 1970 gestel is nie, nl dat die vertaling so getrou moontlik aan die grondteks moet wees, die oorspronklike koloriet so ver moontlik moet behou en geen parafrase (omskrywing) moet wees nie (Acta 1970:302, 3).

##### 2.1.1.1 **Beredenering van die motivering**

2.1.1.1.1 "Getrouheid aan die grondteks" beteken nie net dat die *seggingswyse* van die oorspronklike teks so getrou as moontlik in die vertaling weergegee moet word nie. Dit beteken ook dat die *betekenis* van die oorspronklike teks so getrou as moontlik in die vertaling weergegee moet word. As gevolg van verskille in die brontaal en die ontvangertaal is dit onmoontlik om 'n vertaling te maak wat deurlopend aan beide die oorspronklike seggingswyse én die betekenis reg te laat geskied. Soms kan die oorspronklike seggingswyse behou word sonder dat die vertaling in die ontvangertaal onverstaanbaar word; soms moet ter wille van verstaanbaarheid van die oorspronklike seggingswyse wegbeweeg word. Vertalings wat te veel op behoud van die brontaal se seggingswyse gefokus is, loop uit op 'n onverstaanbare "interliniêre" oorsetting. Vertalings wat te veel op verstaanbaarheid in die ontvangertaal gefokus is, loop uit op 'n parafrase. By die AV33/53 was die fokus op behoud van die seggingswyse van die brontale, maar nie tot so 'n mate dat die vertaling 'n oorsetting geword het nie. By die AV83 was die fokus op verstaanbaarheid in die ontvangertaal, maar nie tot so 'n mate dat dit 'n parafrase geword het nie. Binne hierdie konteks moet die 1970 Sinodebesluit waarop die Beswaarskrif hom beroep, verstaan word ("vertaling is geen parafrase (omskrywing)

nie – dit is die werk van kommentare" [Acta 1970:302, 3]). Die Sinode het hom nie uitgespreek teen 'n vertaling wat meer (as die AV33/53) op verstaanbaarheid gefokus is nie. Wat die Sinode wel gedoen het, is om te waarsku dat die beoogde vertaling uiteindelik 'n parafrase word. Die Beswaarskrif verstaan die 1970 Sinodebesluit (Acta 1970:302, 3) dus nie binne sy volledige konteks nie.

2.1.1.1.2 Binne hierdie selfde konteks moet ook daaropvolgende Sinodebesluite waarna in die Beswaarskrif verwys word, verstaan word. Ná die verskyning van die eerste proefvertaling het 1976 Sinode gewaarsku dat die vertaling op plekke neig om te vry te wees, te ver van die bronteks se eie seggingswyse wegbeweeg en selfs te veel na parafrasering neig (Acta 1976:563, 3.2). Veral by die vertaling van die Psalms en ander digterlike gedeeltes het Sinodes gewaarsku teen ontbeelding en ontpoëtisering (Acta 1979:414-418; 1982:643-644; 1985:572). Die Sinodes het egter uit die staanspoor daarvan uitgegaan dat die beoogde vertaling, anders as die AV33/53, volgens die D-E-vertaalmetode op verstaanbaarheid in die ontvangertaal sal fokus. Die Sinode van 1982 het dan ook besluit "dat die twee vertalings (die dinamies-ekwivalente en die van 1933) nie as absolute alternatiewe beskou moet word nie, maar dat die eie aard en dus ook die waarde en gebruiksveld van elk erken moet word" (Acta 1982:643, 3.2.2.1; vgl ook Acta 1985:575-576, 2.3.2). In soverre as die AV83 dus binne die perke van die D-E-vertaalmetode gebly het sonder om 'n parafrasering te word, het dit aan die vertaalopdrag van die Nasionale Sinodes voldoen.

2.1.1.2 **Bevinding:** Die Eerste motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.1.2 Tweede motivering vir die beswaargrond

"Die besluit tot 'n formeel-korresponderende vertaling op die Nasionale Sinode 1991, is 'n bewys dat die NAV nie aan die opdrag van 1970 voldoen het nie ... Die besluit van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) teen 'n formeel-korresponderende vertaling (*Die Beeld*, 12 April 2002; *Die Kerkblad*, 16 Junie 2002) bewys eweneens dat nie volgens Sinodebesluite gehandel word nie" (Acta 2006:135, 3.1.2).

#### 2.1.2.1 Beredenering van die motivering

2.1.2.1.1 Op geen stadium het die Nasionale Sinode van 1991 of enige daaropvolgende Sinode as rede vir 'n nuwe formeel-korrespondente vertaling aangegee "dat die NAV nie aan die opdrag van 1970 voldoen het nie." Trouens, die motivering vir die Beskrywingpunt op grond waarvan die besluit van 1991 geneem is, was juis dat so 'n nuwe vertaling as alternatief vir 'n hersiening van die AV33/53 oorweeg moet word (Acta 1991:131-133). Die bewering in die Beswaarskrif dat hierdie besluit geneem is "nadat dit duidelik geword het dat nie aan die oorspronklike opdrag voldoen sou word nie " het dus geen grond nie.

2.1.2.1.2 Die berigte waarna die Beswaarskrif verwys, waarvolgens die Bybelgenootskap in 2002 teen 'n formeel-korrespondente vertaling sou besluit het, was misleidend. Op daardie stadium was die Bybelgenootskap nog besig om die versoek wat van die GKSA se Deputate af gekom het, te oorweeg en die samewerking van ander kerke te vra. Trouens, na afloop van die ondersoek het die BSA op 23 April 2004 die advies van die Kerklike Advieskomitee (waarop die GKSA verteenwoordig is) aanvaar en daartoe ingestem om 'n brontaalgerigte vertaling van die Bybel in Afrikaans van stapel te stuur. 'n "Brontaalgerigte" vertaling en 'n "formeel-korrespondente" vertaling is in wese dieselfde (vgl die Beskrywingpunt op grond waarvan die 1991 Sinode se besluit geneem is, Acta 1991:132). Die afleiding in die Beswaarskrif dat die BSA teen 'n formeel-korrespondente vertaling besluit het, is dus ongegrond.

2.1.2.2 **Bevinding:** Die Tweede motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.1.3 Derde motivering vir die beswaargrond

Aan die vereiste wat Nasionale Sinodes van die GKSA herhaaldelik gestel het dat die Name van God in die OT onderskeidend vertaal moet word (Acta 1982:642, 2.2.5.6; Acta 1985:582; Acta 1991:110, 2.1.9.1.1.3; p114, par 2; Acta 1994:122 & 123, 2.1.2;

p124, art 2.1.2). is nie in die AV83 voldoen nie, ook nie in sy finale redaksie nie (Acta 2006:135, 3.2).

#### 2.1.3.1 **Beredenering van die motivering**

2.1.3.1.1 Die beswaardes se stelling dat die (vertalings- en hersieningskommissie van die) AV83 nie aan hierdie versoek van die GKSA voldoen het nie is korrek. Daarom is die Name van God (*JHWH* en *Adonai*) ook in die hersiene uitgawe van die Vertaling nie onderskeidend weergegee nie.

2.1.3.1.2 Hoewel die toedrag van sake te betreur is, het Sinodes van die GKSA sodanige onderskeidende vertaling nie as 'n absolute voorvereiste vir gebruik van die AV83 gestel nie. Die GKSA se besluit hieroor het nie verder gegaan nie as om 'n "ernstige verhoë tot die Bybelgenootskap te rig dat in Bybelvertalings 'n onderskeidende gebruik van die Godname *JHWH* en *Adonai* moet geld", dat die Deputate hierdie kwessie met die BSA "moet bespreek en beoordeel met die oog op bestaande en eventuele toekomstige vertalings" en "dat die Sinode oordeel dat die skryfwyse verkies word waaruit die *leser en hoorder* die onderskeiding kan identifiseer" (Acta 1991:114, 2.1–2.3). Dat die BSA hierdie verhoë ernstig opgeneem het, blyk uit die feit dat besluit is om in die brontekstgeoriënteerde Afrikaanse vertaling wat tans onderneem word, die Name wel onderskeidend met "HERE/Here" weer te gee. Die besluit om die Name in die AV83 onveranderd te laat, is jammer, maar dien nie as diskwalifikasie van die Vertaling as geheel nie.

2.1.3.2 **Bevinding:** Die Derde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.1.4 **Vierde motivering vir die beswaargrond**

Die beswaardes wys daarop dat, hoewel die Sinode aanvanklik besluit het dat die Griekse teks van die United Bible Societies (UBS-teks) gebruik word (Acta 1970:304), die 1979 Sinode besluit het "dat geen bepaalde teks nie, maar die beste gebruik moet word en die TR nie buite rekening gelaat moet word nie" (Acta 1979:439 ev). Hulle beswaar is dat die UBS-teks in praktyk byna deurgaans as grondteks vir die AV83 gebruik is (Acta 2006:135, 3.3).

#### 2.1.4.1 **Beredenering van die motivering**

2.1.4.1.1 Die 1979 besluit was sekerlik goed bedoel, maar was ongelukkig nie baie spesifiek nie. Dit gee byvoorbeeld die opdrag dat "die beste teks" gebruik moet word, maar laat dit blykbaar aan die vertalers self oor om te oordeel oor watter teks die beste is. Verder gee dit opdrag dat "die TR nie buite rekening gelaat moet word nie" sonder om te spesifiseer tot watter mate dit in berekening gebring moet word. Daarom is dit moeilik om die besluit as grond vir beswaar te gebruik.

2.1.4.1.2 Gegewe die onduidelikhede in die 1979 besluit moet toegegee word dat die 1983-vertalers die grondteks wat na hulle oordeel die beste is, gebruik het. Dit was die UBS-teks. Voorts het hulle die UBS-teks nie slaafs nagevolg nie maar op enkele plekke lesings van die TR in die vertaling ingevoeg, byvoorbeeld die slot van Markus (Mark 16:9-20) en die gedeelte oor die owerspelige vrou (Joh 7:53-8:11). Met reg kan dus beweer word dat die AV83 die teks wat na hulle oordeel die beste is, gevolg het en die TR nie buite rekening gelaat het nie. Die beswaardes het waarskynlik 'n ander mening as die 1983-vertalers oor watter teks die beste is, maar kan nie op grond van enige Sinodebesluit teen die vertalers se besluit beswaar aanteken nie.

2.1.4.2 **Bevinding:** Die Vierde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 1 kan slaag nie, aangesien die motiverings daarvoor ontoereikend is om dit te laat slaag.

**Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.1.4.2.**

## 2.2 *Prinsipiële beswaargrond*

### 2.2.1 **Beswaargrond 2.1: Onskriftuurlike vertaalbeleid**

**Die beswaar is dat die AV83 op 'n onskriftuurlike vertaalbeleid berus.**

Vier motiverings word vir die beswaargrond aangevoer.

2.2.1.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:136, 4.1.1)

#### 2.2.1.1.1 **Argumente vir die motivering**

Die Eerste beswaargrond word gemotiveer met argument dat in die AV83 “die eenheid van die Bybel in die Ou Testament en Nuwe Testament misken word, strydig met oa 2 Timoteus 3:16”. Vir hierdie motivering word aangevoer dat die AV83 in die vertaling van die Ou Testament hom aan “ontmessianisering” skuldig maak. In die motivering word verwys na Sinodebesluite en uitsprake in publikasies soos die Bybel in Praktyk.

#### 2.2.1.1.2 **Beredenering van argumente**

Die argument dat die AV83 hom aan “ontmessianisering” skuldig maak, word nie met bewese voorbeelde uit die AV83 gestaaf nie, maar word gegrond op uitsprake wat in ander publikasies soos die Bybel in Praktyk gemaak word, bv dat Ou-Testamentiese heenwysings na Christus nie inherent aan die OT is nie maar op interpretasies vanuit die NT berus. Die BS bly egter in gebreke om aan te toon waarom sulke uitsprake ook die AV83 ten laste gelê moet word.

2.2.1.1.3 **Bevinding:** Die Eerste motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.2.1.2 **Tweede motivering** (Acta 2006:137, 4.1.2)

##### 2.2.1.2.1 **Argumente vir die motivering**

Die Eerste beswaargrond word verder gemotiveer met die bewering dat ook die Godheid van Christus in die AV83 grootliks “in vertaling verbloem, verander, misken en wegvertaal” word (Acta 2006:137, 4.1.2). Ter begroning hiervan bespreek die beswaardes in Bylae B (wat as motivering vir die Tweede beswaargrond dien) uitgebreide tekskritiese gegewens met betrekking tot Jesaja 9:5-6, Romeine 9:5, 1 Timoteus 3:16, Judas :4 en Romeine 14:10.

##### 2.2.1.2.2 **Beredenering van die argumente** in Bylae B

2.2.1.2.2.1 In Bylae B van die BS word Jesaja 9:5-6, Romeine 9:5, 1 Timoteus 3:16, Judas :4 en Romeine 14:1 voorgehou as voorbeelde waar die Godheid van Christus in die AV83 in gedrang gebring word. Die beswaardes toon egter nêrens aan dat die AV83 self op enige van die genoemde plekke die Godheid van Christus “in vertaling verbloem, verander, misken en wegvertaal” nie. Wat hulle wel aantoon, is dat die vertaling plek-plek op so ’n wyse *vertolk* kan word dat die Godheid van Christus in gedrang kom.

2.2.1.2.2.2 Op grond van tekskritiese gegewens word in die BS geredeneer dat die AV83 by 1 Timoteus 3:16 ’n die lesing gevolg word waarin verswyg word dat Christus God is. Die beswaardes gee egter nie aandag aan die verband van die hele Christushimne waarvan vers 16 deel vorm nie. As vers 16 in sy geheel besien word, spreek dit ook in die lesing wat in die AV83 gevolg word duidelik van die Godheid en Messianiteit van Christus (vgl Ridderbos, H 1976. Commentaar op het Nieuwe Testament. De Pastorale Brieve. p106-108).

2.2.1.3 **Bevinding:** Die Tweede motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.2.1.4 **Derde motivering** (Acta 2006:137, 4.1.3)

##### 2.2.1.4.1 **Argumente vir die motivering**

Die Eerste beswaargrond word derdens gemotiveer met: “Die vertalers gaan in die praktyk uit van die standpunt dat Messiaanse uitsprake van die Ou Testament in werklikheid Nuwe-Testamentiese interpretasies is en dus nie Messiaans vertaal moet word nie.” Bylae C is die beswaardes se motivering vir laasgenoemde stelling.

##### 2.2.1.4.2 **Beredenering van die argumente** in Bylae C

Die Deputate het die volgende bevindings ten opsigte van die gegewens en argumente wat in Bylae C gemaak word:

2.2.1.4.2.1 In verband met Genesis 21:12, Galasiërs 3:16 en Genesis 3:15 (Saad, nageslag, nakomeling): Volgens Louw en Nida (1, 1989:33,116) het die Griekse woord *sperma*, waar dit in verband met plante gebruik word, gewoonlik die betekenis van *saad*. Waar dit egter in verband met mense gebruik word, kan dit die betekenis hê van *nageslag* en *nakomeling* – spesifiek uit ’n voorsaak. Om *sperma* dus in Afrikaans met *nasaat* of met *nakomeling*

weer te gee, soos in die AV33/53 (Gen 21:12) en in die AV83, is bloot goeie Afrikaans. Die beswaardes se argument dat so 'n vertaling op die standpunt berus dat "Messiaanse uitsprake van die Ou Testament in werklikheid Nuwe-Testamentiese interpretasies is en dus nie Messiaans vertaal moet word nie", is dus nie geldig nie.

2.2.1.4.2.2 In verband met die vertaling en betekenismoonlikhede van *'almâ* in Jesaja 7:14: Die standaardwoordeboek van Koehler en Baumgartner (KBL<sup>3</sup>, 709) verklaar *'almâ* bloot as 'n hubare meisie of jong vrou voor die geboorte van haar eerste kind. Uit die konteks van Jesaja 7 is daar niks wat daarop dui dat daar uitsluitlik van die geboorte van die Messias uit 'n maagd gepraat word nie of dat daar na 'n vrou in die tyd van Jesaja verwys word wat nog nie omgang met 'n man gehad het nie. Trouens, die kindjie wat gebore sal word sal nog jonk wees wanneer die land van konings Peka en Resin verlate sal wees (Jes 7:16). Ander verwysings na *'almâ* in die Ou Testament kan egter almal op ongetroude vroue dui. Die vertaling van *'almâ* is 'n ou vertalingsprobleem waarmee vertalers deur die eeue geworstel het, sonder om noodwendig te wil ontmessianieer of die maagdelike geboorte van Christus te wil ontken. Die feit dat Jesaja 7:14 in die Nuwe Testament in verband met die maagdelike geboorte van Christus gebruik word, kan verklaar word as 'n dubbele verdere vervulling van 'n profesie wat in Jesaja se eie tyd 'n nadere vervulling gehad het. Die vertaling van *'almâ* in Jesaja 7:14 met *jong meisie* ondermyn nie as sodanig die Messianiteit of die maagdelike geboorte van Christus nie.

2.2.1.4.2.3 In verband met die "weglating" van "eersgebore" (seun) in Matteus 1:25: Die lesing wat deur die AV83 gevolg is ("haar Seun", sonder "eersgebore"), sê hoegenaamd nie dat Jesus *nie* Maria se eersgebore Seun was nie. Trouens, in Lukas 2:7 word Jesus in die AV83 uitdruklik die Eerstelingseun van Maria genoem. Die beswaardes se bewering dat die AV83 op 'n ontkenning van die Messianiteit van Christus berus, kan dus nie uit die "weglating" van "eersgebore" in Matteus 1:25 bewys word nie.

2.2.1.4.2.4 In verband met Lukas 2:33: Waar die AV33/53 op 'n grondteks berus waarin van "Josef en sy moeder" gepraat word, berus die AV83 op 'n grondteks wat na "sy vader en sy moeder" verwys. Die beswaardes vermoed dat 'n Egiptiese kettery aanleiding gegee het dat die lesing "Josef en sy moeder" in sommige manuskripte verander is na "sy vader en sy moeder". Dit is egter 'n vermoede wat nie bewys kan word nie. Omgekeerd vermoed die samestellers van die UBS (die grondteks van die AV83) dat vrees vir 'n verkeerde verstaan van "sy vader en sy moeder" daartoe gelei het dat dit in sommige manuskripte verander is na "Josef en sy moeder". Hierdie vermoede kan ewe min as die eerste bewys word. Wat egter opval, is dat in Lukas 2:41 na Josef en Maria verwys word as "sy ouers", sonder dat daar enige tekskritiese kwessie oor bestaan. Dit blyk dus dat die verwysing na Josef en Maria as Jesus se ouers (sy vader en moeder) op sigself nie Jesus se maagdelike geboorte en/of sy Goddelikheid in gedrang bring nie (vgl Greijdanus S, Kort Verklaring van die Heilige Schrift).

2.2.1.4.2.5 In verband met Jesaja 53:4-11, ea: Die beswaardes meen dat om hoofletters by Hy en Hom te gebruik asook om Jahwe (JHWH) met HERE weer te gee, die Messianiteit van Christus in Jesaja 53 na vore gebring word. Dit is inderdaad verkieslik om die Godname JHWH en Adonai onderskeidend te vertaal, soos vorige Sinodes by herhaling aangetoon het. Die feit van die saak is egter dat die NT self nie die Godname onderskeidend vertaal nie. Nóg die Hebreëus en Aramees van die Ou Testament, nóg die Grieks van die Nuwe Testament gebruik hoofletters by voornaamwoorde om 'n onderskeid te tref tussen mense en God. By vertaling in Afrikaans (of ander moderne vertalings) moet die vertaler vasstel of na God (Vader, Seun en/of Heilige Gees) verwys word wanneer hy kies om 'n hoof- of kleinletter by voornaamwoorde te

gebruik. Wanneer 'n hoofletter gebruik word, gee die vertaling te kenne dat 'n betrokke gedeelte (profesie) *uitsluitlik* na God verwys en word nadere vervullings daarmee effektief uitgeskakel. Aan die ander kant voel die beswaardes dat die nie-gebruik van 'n hoofletter die Messianiteit van Christus in gedrang bring. Uit die voorafgaande verduideliking blyk dat dit nie die bedoeling is nie, maar dat die konvensie in Afrikaans om òf 'n kleinletter òf 'n hoofletter by voornaamwoorde te gebruik, vertalers voor 'n dilemma plaas. Die beswaardes se argument is dus ongeldig.

- 2.2.1.4.2.6 In verband met Psalm 22:17: Die vertaling en verklaring van die woord *kā<sup>a</sup>rī* in Psalm 22:17 is 'n vertaalprobleem (*crux interpretum*). Ridderbos, J (1955, De Psalmen, 1, Commentaar op het Nieuwe Testament, 192-193) toon aan dat *kā<sup>a</sup>rī* òf met "vasbind" òf met "deurboor" vertaal kan word, maar dat in Psalm 22:17 "deurboor" 'n vertaling bied wat "geen zeer natuurlike verklaring" vind nie. Aan die een kant dui Koehler en Baumgartner (KBL<sup>3</sup>:454) aan dat hierdie hoogs ongewone werkwoordvorm en –stam slegs eenmaal in die Bybel voorkom en gee as enigste betekenis, uit Arabies afgelei, "vasmaak" (*zusammenbinden*). Aan die ander kant volg sommige moderne Bybelvertalings soos die NIV en NKJV "deurboor" (*pierced*) as vertaling. Die AV33/53 vertaal hier met "deurgrawe". Die vertaling "deurboor" maak die vervulling van hierdie uitspraak by Jesus se kruisiging meer opsigtelik, maar daar kan nie met reg beweer word dat 'n vertaling met "vasbind" ten doel het om die "Woord tot leuen" te maak nie. Die opmerkings van die beswaardes oor Sagaria 12:10b en 13:6 is op dieselfde vlak en raak die Messianiteit van Christus nie. Die beswaardes bewys dus nie met enige van hulle voorbeelde dat die Messiaanse karakter van die OT in die AV83 misken word nie.
- 2.2.1.4.2.7 Die AV83 se "weglating" van die aanhaling van Psalm 22:19 in Matteus 27:35 berus op die grondteks (UBS-tek) wat gebruik is. Die grondtek wat die aanhaling "invoeg" (die TR, wat deur die AV33/53 gevolg is) verskil egter net in dié opsig dat dit 'n vanselfsprekende saak vermeld. Selfs sonder die invoeging is die verband met Psalm 22:17 voor die hand liggend. Daarom bewys die beswaardes ook in hierdie geval nie dat die AV83 of sy grondtek die Messiaanse karakter van die OT misken nie.
- 2.2.1.4.2.8 Die verwysing van die beswaardes na Jesaja 53:9,10 en Psalm 16:10 belig nie iets in verband met die Messianiteit van Christus nie, en is dus irrelevant met betrekking tot die Beswaarskrif.
- 2.2.1.4.2.9 Met betrekking tot Psalm 2:7 geld dieselfde beredenering as wat hierbo in punt 2.2.1.4.2.5 gevolg is.
- 2.2.1.4.2.10 Met betrekking tot Handeling 13:32-34 en Hebreërs 1:5 en die vertaling van die woord *gennao* : Volgens Louw en Nida (1, 1989:257) is 'n geldige weergawe van dié woord *om die vader te wees van* – soos dit inderdaad deur die AV83 weergegee is. Die argument van die beswaardes hou dus nie water nie. Die vertaling in die AV83 tas derhalwe nie die Messianiteit van Christus aan nie.
- 2.2.1.4.2.11 In verband met Handeling 8:37: Die UBS-tek wat as grondtek vir die AV83 gedien het, het goeie rede gehad om hierdie vers oor te slaan. Die vers word immers in slegs 7 Griekse manuskripte van betreklik laat datum aangetref en kom verder slegs in ou Latynse vertalings voor. Tekskrities gesproke is dit dus feitlik 'n uitgemaakte saak dat vers 37 nie deel van die oorspronklike teks was nie. Daar is dus geen rede om die lesing wat deur die AV83 gevolg is, te bevraagteken nie.
- 2.2.1.4.2.12 In verband met Johannes 6:69: Die feit dat die AV83 op hierdie plek die woorde "Seun van God" met "Heilige van God" weergee, berus op die grondtek (UBS-tek) wat gebruik is. Daar is goeie rede vir die samestellers van die UBS-tek om te vermoed dat die woorde "Seun van God" in later eeue deur oorskrywers vanuit die ander evangelies oorgeneem en op hierdie plek in

die Johannes-Evangelie ingevoeg is. Daarmee is Jesus as Seun van God egter nie uit die Nuwe Testament of uit die Johannes-Evangelie misken of verwyder nie, aangesien daar talle ander plekke in die Johannes-Evangelie is waar Jesus – ook in die AV83 – Seun van God genoem word (bv Joh 3:18, 35, 36; 10:36; 20:31).

- 2.2.1.4.2.13 In verband met Johannes 9:35: Om dieselfde redes as by Johannes 6:69 het die samestellers van die UBS-teks ook in Johannes 9:35 die lesing "Seun van die mens" in plaas van "Seun van God" gevolg. Tog verskil Johannes 9:35 van die vorige in dié opsig dat daar nie 'n parallelle gedeelte in een van die ander Evangelies voorkom nie. Verder verwys Jesus in Johannes 10:36 waarskynlik terug na 9:35 waar Hy sê: "Julle sê `Jy praat godslasterlik', omdat Ek gesê het: `Ek is die Seun van God'". Daarom is daar goeie rede om tog in Johannes 9:35 die lesing "Seun van God" te behou. Aan die ander kant is die benaming "Seun van die mens" so 'n onmiskenbaar Messiaanse titel dat die gebruik daarvan kwalik as 'n ontmessianisering of selfs 'n miskenning van die Godheid van Christus beskou kan word. Ook in ag genome die talle ander plekke in die Johannes-Evangelie waar Jesus in die AV83 steeds as Seun van God aangedui word (vgl 2.2.1.3.2.12 hierbo), blyk dit dat die beswaardes nie met hierdie voorbeeld grond vir hulle beswaar het nie.
- 2.2.1.4.2.14 In verband met die woord *monogené* in Johannes 1:18: Die beswaardes meen dit is foutief om dié woord in Johannes 1:18 met "enigste Seun" (verwysende na Christus) te vertaal. In Lukas 7:12, 8:42 en 9:38 word dié woord ook gebruik om na die enigste seun/dogter van hulle ouers te verwys. Die beswaardes se argument is dus ongeldig en die AV83 gebruik 'n geldige weergawe van die woord *monogené*.
- 2.2.1.4.2.15 In verband met Psalm 45:7,8: Die probleem van die beswaardes is dat die woord Elohim (<sup>e</sup>*lōhīm*) wat normaalweg vir God staan, hier met "verhewe wese" vertaal word. Ridderbos, J (1958, De Psalmen, 2, *Commentaar op het Nieuwe Testament*, p31-40) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die woord <sup>e</sup>*lōhīm* in hierdie Psalm gebruik word om die koning te beskryf, aangesien Psalm 45 nie bloot profeties is nie maar ook direk op die huwelik van die koning betrekking het. Daarom het die AV83 dié woord met "verhewe wese" weer. Dit is nie vreemd dat 'n mens soms met die woord <sup>e</sup>*lōhīm* aangedui word nie (vgl Ridderbos, J 1958:39). So 'n gebruik is soortgelyk aan die gebruik (in moderne tale) om dieselfde woord (*Heer, Lord, Herr, Morena*) te gebruik om aan 'n hooggeplaaste eer te bewys as wat gebruik word om God aan te dui. Die beswaardes hou nie daarmee rekening dat 'n woord (soos <sup>e</sup>*lōhīm* in hierdie geval) nie oral in die Bybel presies eenders vertaal kan of moet word nie. Trouens, die woord <sup>e</sup>*lōhīm*, wat gewoonlik in die Bybel na God verwys, word op ander plekke selfs vir "gode" (afgode) gebruik. Hierdie beswaar van die beswaardes verval dus.
- 2.2.1.4.2.16 In verband met Psalm 110: Soos in die Beswaarskrif aangetoon word, laat die AV83 se vertaling van Psalm 110 nie aan die Messiaanse karakter van die Psalm reg geskied nie (vgl ook die besluite van Sinode 2006 oor Psalm 110). In hierdie opsig is die beswaardes reg. Psalm 110 is 'n voorbeeld van 'n minder gelukkige vertaling in die AV83. Daar is egter in elke Bybelvertaling voorbeelde van minder gelukkige vertalings. Sulke voorbeelde maak egter nie die hele vertaling vals nie of onmessiaans, soos die beswaardes beweer nie. Hoewel die beswaardes dus tereg aantoon dat die AV83 Psalm 110 nie Messiaans vertaal nie, bewys hulle daarmee nog nie dat die hele AV83 van die standpunt uitgaan "dat Messiaanse uitsprake van die OT in werklikheid NT interpretasies is" nie.
- 2.2.1.4.2.17 Met betrekking tot Jesaja 4:2 en Jeremia 33:15: By hierdie Skrifdele gaan dit weer eens oor die gebruik van klein/hoofletters by spruit/Spruit om die Messiaanse verwysing daarvan aan te dui. Weereens moet daarop gewys

- word dat, hoewel so 'n onderskeid in vertaling verkieslik is, nóg die Hebreeuse OT nóg die Griekse NT so 'n onderskeid getref het. Dit kan dus nie beweer word dat die Messiaanse profesieë van die OT daarmee misken word nie.
- 2.2.1.4.2.18 Met betrekking tot Jeremia 23:6 en 33:16: Dieselfde evaluering wat die beswaardes gee oor die AV83 kan net so gegee word oor die AV33/53. In die vertaling “die Here ons geregtigheid” tree die “ons” immers ook sterk na vore, sodat gesê kan word dat die mens ook in die AV33/53 nie buite rekening gelaat word nie. In Bylae C skryf die beswaardes immers self: “JHWH tree vir ons in.” (Onderstreping deur Deputate.) Die Messianiteit van Christus word dus nie onderbeklemtoon in die AV83 nie.
- 2.2.1.4.2.19 Die bespreking deur die beswaardes van Jesaja 57:15 en Lukas 7:23 dien nie as ondersteuning by bostaande motivering vir die Eerste beswaargrond nie en is dus irrelevant met betrekking tot die Beswaarskrif.
- 2.2.1.4.2.20 Die beswaardes meen dat dit ongeldig is om in Psalm 118:22 die woord *mā<sup>a</sup>sû* in die AV83 met “afgekeur” weer te gee. In Matteus 21:42 – wat duidelik 'n toespeling op Psalm 118:22 is – word die woord *apedokimasan* ook met “afgekeur” vertaal in die AV83. Die verband tussen die OT en die NT word dus nie deur die vertaling enigszins vertroebel nie. Volgens Kittel (Abridged, 181) is 'n betekenismoontlikheid vir die woord *apedokimasan* “om te toets”. En volgens Grosheide (Mattheüs, 327) verwys Psalm 118 na die bou van 'n tempel. Die bouers toets die klippe en as 'n klip ongeskik was vir die bouwerk (dus afgekeur is), is dit tersyde “geworpen” (verwerp). Dit blyk tog dat die woord – in Hebreeus en Grieks – die betekenis het van toets (keur, *afkeur* as dit die toets nie slaag nie) en daarmee saam dan noodwendig *verwerp*. Die AV83 het dus in Psalm 118:22 'n geldige vertaling van die woord *mā<sup>a</sup>sû* gegee. Boonop toon die beswaardes nie aan hoe die vertaling “afgekeur” in die AV83 die Messianiteit van Christus in gedrang bring nie.
- 2.2.1.4.2.21 In die bespreking van Matteus 16:18 word nie na die AV83 verwys nie. Hierdie bespreking is dus irrelevant met betrekking tot die beswaar.
- 2.2.1.4.2.22 Die beswaardes haal in hulle Beswaarskrif Lukas 6:48 onvolledig aan asof die hele saak van *rots* en *fondament* glad nie in die AV83 verdiskonteer is nie. In die AV83 lui die volledige Lukas 6:48 egter soos volg: “Hy is soos 'n man wat by die bou van sy huis die grond diep uitgegrawe en die **fondament** op die **rotsbodem** gelê het. Toe daar 'n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit hom nie beweeg nie, want die huis was goed gebou.” In die AV83 word die saak van die rots en fundament dus wel ingesluit, hoewel dit, anders as in die AV33/53, nie *herhaal* word nie. Dit is so omdat die UBS-grondteks nie die herhaling bevat nie. Die bewering in die Beswaarskrif dat die fundament en die rots waarop die huis gebou is, in die AV83 ontbreek, verval dus. Daarom is ook hierdie voorbeeld nie geldig as motivering vir die Beswaarskrif nie.
- 2.2.1.4.2.23 In verband met die *hoeksteen* (AV33/53) of *belangrikste klip* (AV83) (*kefalên gōnian*) in Matteus 21:42 en parallels: In die ou Oosterse kulture was 'n hoeksteen soos ons dit ken, onbekend. Kommentare en woordeboeke dui daarom aan dat die *kefalên gōnian* destyds verwys het na 'n klip met 'n belangrike funksie in die struktuur van 'n gebou (vgl Louw en Nida 1, 1989:88: “the most important stone’ or ‘ the very important stone”). Die AV83 gee dus die woorde *kefalên gōnian* in Matteus 21:42 geldig weer. Dat die behoud van “hoeksteen” in Efesiërs 2:20 deur die AV83 moontlik verbeter kan word, is wel waar. Die beswaardes dui egter nie oortuigend aan dat hierdie alternatiewe vertaling enige aspek van Christus se Messianiteit in gedrang bring nie.
- 2.2.1.5 **Bevinding:** Die Derde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.
- 2.2.1.6 **Vierde motivering** (Acta 2006:137, 4.1.4)
- 2.2.1.6.1 **Argumente vir die motivering**  
Die Vierde motivering vir die Eerste beswaargrond is die volgende:  
“Verbondsterme is die baba wat saam met badwater van `teologies-tegniese,

tradisioneel-kerklike begrippe' ... moet verdwyn." Bylae D maak deel uit van die beswaardes se motivering vir laasgenoemde stelling.

2.2.1.6.2 **Beredenering van die argumente** in Bylae D

2.2.1.6.2.1 Paragraaf 4.1 van Bylae D wys sekere woorde in die AV83 aan ("geseënd" ipv "salig", "ontvang" ipv "beërwe", "wat reg is" ipv "geregtigheid") wat na die oordeel van die beswaardes betekenisvervlakking bevat. Weliswaar kan daar meningsverskil bestaan oor hoe goed die betrokke woorde die oorspronklike woorde weergee. Die beswaardes bly egter in gebreke om aan te toon dat die AV83 daarmee verbondsbegrippe laat "verdwyn".

2.2.1.6.2.2 Paragraaf 4.2 van Bylae D toon wel aan hoe die woord "bloed" in die AV33/53 op bepaalde plekke met ander woorde in die AV83 weergegee word. Die beswaardes slaag egter nie daarin om by die betrokke tekste waarna hulle verwys aan *dat* en *hoe* die verbondsinhoud in die AV83 (volgens hulle) verkrag word nie. Hulle betoog dien dus nie as motivering vir die Eerste beswaargrond nie.

2.2.1.6.2.3 In Paragraaf 4.3 van Bylae D meen die beswaardes dat die woord *echaristhê* in Filippense 1:29 deur die AV83 verkeerdlik vertaal is met "voorreg gegee" omdat die element van *genade* daaruit wegneem word. Alhoewel *charis* dikwels met *genade* (in soteriologiese sin) vertaal word en die woord *charizomai* dieselfde stam het as *charis*, beteken dit nie noodwendig dat *charizomai* ook altyd 'n soteriologiese betekenis moet hê nie. Vergelyk hier byvoorbeeld die gebruik van *charizomai* in Handeling 3:14. Die vraag is of *echaristhê* in Filippense 1:29 in soteriologiese sin gebruik word. Filippense 1:29 is iets van 'n *crux interpretum*. Dit word aan jou *gegee* (passief van *charizomai*) deur God om nie alleen te *glo* nie, maar ook te *ly* – alles ter wille van Christus: in Christus (*glo*) en vir Christus (*ly*). *Charizomai* het nie dieselfde/ gelyke betekenis met betrekking tot *glo* en *ly* nie. Wanneer *charizomai* saam met *glo* gebruik word, het dit *soteriologiese* betekenis, en wanneer dit saam met *ly* gebruik het, het dit gewoon *praktiese* betekenis (soos byvoorbeeld in Handeling 3:14). *Glo* is 'n onontbeerlike faktor by jou saligheid, maar nie *ly* nie. Die AV33/53 het *charizomai* se *soteriologiese* betekenis weergegee, en die AV83 sy *praktiese* betekenis. Die siening van die beswaardes steun dus nie die Eerste beswaargrond nie. (Vir breedvoeriger verklaring van hierdie saak, vgl Matter, M.M. 1965. Commentaar op het Nieuwe Testament. De Brief aan de Philippenzen en de Brief aan Philémon.)

2.2.1.6.2.4 Met verwysing na Jeremia 4:4, Deuteronomium 10:16 en 30:6 meen die beswaardes dat die AV83 verbondsterme wegvertaal deur die werkwoordstam *mwl* met "wy" weer te gee in plaas van met "besny" soos in die AV33/53. Spesifiek hierdie tekste verwys nie na fisiese besnydenis nie, maar na 'n geestelike besnydenis – die besnydenis van die hart. Die besnydenis van die hart beteken om in toewyding aan God te lewe (Vir 'n breedvoeriger bespreking hiervan vgl Smick, E.B. 1981. Theological Wordbook of the Old Testament, Vol. 1. p494-495.) Hoewel daar meningsverskil kan bestaan oor die wenslikheid daarvan om die werkwoord *mwl* in die betrokke Skrifdele verduidelikend met "wy" te vertaal, dit wil sê om die metafoor te verduidelik, blyk dit dat so 'n vertaling 'n geldige weergawe van *mwl* is. Derhalwe dien die argumente van die beswaardes nie as steun vir die Eerste beswaargrond nie.

2.2.1.6.2.5 By Paragraaf 4.5 van Bylae D: Die beswaardes meen dat die AV83 fouteer wanneer dit die uitdrukking "aangesig van die HERE" (AV33/53) in verskillende tekste weergee deur nie die woord "aangesig" te gebruik nie. Die beswaardes sien die frase "aangesig van die HERE" as "tipiese verbondsterminologie". Uiteraard is dit verbondsterminologie en word dit in brontaalgerigte vertalings verkieslik behou. Wat die beswaardes egter uit die oog verloor, is dat die saak van die verbond binne die gevraagde konteks ook met ander geldige terme aan die orde gestel kan word. Verder laat die beswaardes na om aan te toon hoe

die AV83 deur die gebruik van alternatiewe vertalings van verbondsterminologie die hele saak van die verbond wegvertaal. Derhalwe dien die argumente van die beswaardes nie as steun vir die Eerste beswaargrond nie.

2.2.1.6.2.6 By Paragraaf 4.6 van Bylae D: Die beswaardes meen die AV83 fouteer deur die woord “heilig” (AV33/53) (*qādōsj* in Hebreeus) met verskillende woorde in die vertaling weer te gee. Hulle hou nie daarmee rekening dat ’n woord meer as een betekenis kan hê nie en ook dat meer as een woord dieselfde begrip kan oordra nie. Daarom kan ’n vertaling na gelang van die konteks dikwels verskillende woorde gebruik om dieselfde begrip weer te gee. Die beswaardes is reg waar hulle sê dat die gebruik van verskillende vertalings teks-met-teks-vergelyking bemoeilik. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die AV83, anders as die AV33/53, nie juis bedoel is om teks-met-teks-vergelyking te doen nie maar eerder om in maklike Afrikaans te kommunikeer. Die eis wat die beswaardes aan die AV83 stel, is dus onbillik, aangesien so ’n eis eerder vir meer konkordante vertalings soos die AV33/53 geld. Hierdie argument steun dus nie die Eerste beswaargrond nie.

2.2.1.7 **Bevinding:** Die Vierde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

**Besluit: Kennis geneem van 2.2 tot 2.2.1.7.**

2.2.1.8 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.1**

Die motiverings vir Beswaargrond 2.1 bied nie genoegsame gronde vir die beswaar om te slaag nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2.1 kan slaag nie, aangesien die motivering daarvoor ontoereikend is om dit te laat slaag.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.2.2 **Beswaargrond 2.2: Die D-E-vertaalmetode is prinsipiële onskriftuurlik**

Twee motiverings word vir hierdie beswaargrond gegee.

2.2.2.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:137, 4.2.1)

Om die Tweede beswaargrond, naamlik “Die D-E-vertaalmetode is prinsipiële onbybels/onskriftuurlik” te motiveer, word die volgende stelling gemaak: “Daar is geen Skriftuurlike begroning vir die vertaling van die Bybel anders as die konkordante nie.”

2.2.2.1.1 **Beredenering van die argumente vir die motivering**

2.2.2.1.1.1 Hierdie Beswaargrond gaan van die siening uit dat ’n vertaalmetode in die Bybel vasgelê is – met ander woorde die Bybel gee prinsipiële riglyne vir vertaling. Die Skrif skryf egter geen vertalingsprinsipes voor nie. Inteendeel, in die Griekse NT word die OT dikwels in verskillende soorte vertalings aangehaal – soms is die vertalings meer letterlik en soms betreklik vry. ’n Voorbeeld hiervan is die aanhaling van Jesaja 6:9 in Matteus 13:14 en Handeling 28:27 (redelik konkordant) en Johannes 12:40 (baie vry). [Jesaja 6:9 (AV33/53) lui: “Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë sodat hulle nie sien met hulle oë nie.” In Matteus 13:14 en Handeling 28:27 word die vers soos volg aangehaal (AV33/53): “Die hart van hierdie volk het stomp geword en met hulle ore het hulle beswaarlik gehoor en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien nie.” In Johannes 12:40 lui die aanhaling soos volg (AV33/53): “Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sien nie.”] Daar is dus geen grond om te beweer dat die Bybel slegs konkordante vertalings voorskryf nie.

2.2.2.1.1.2 Hierdie Beswaargrond sluit enige ander vertaalmetode as geldig uit. Dit hou nie rekening met die feit dat daar tussen die uiterste vertaalwyses wat in die NT self voorkom, naamlik “letterlike” en “vrye” vertaling, ’n wye spektrum van verskillende vertaalwyses moontlik is nie. Redelik in die middel van hierdie spektrum is daar die D-E-vertaalmetode waarop die AV83 grootliks berus, en

- ook die bronteksgeoriënteerde vertaalmetode waarop die AV33/53 grootliks berus.
- 2.2.2.1.1.3 In hulle beredenering van hierdie saak speel die beswaardes *verstaanbaarheid* en *betroubaarheid* teenoor mekaar af. Dit is 'n valse teenstelling. *Verstaanbaarheid* en *betroubaarheid* hoef mekaar te koste van mekaar te geld nie. Dikwels is die betroubaarheid juis daarin geleë dat die vertaling die bedoeling van die grondteks getrou weergee. Aan die ander kant kan 'n vertaling dikwels betreklik letterlik wees en terselfdertyd duidelik verstaanbaar in die ontvangertaal wees.
- 2.2.2.1.1.4 Die Beswaarskrif bevat bepaalde veralgemenings wat die beredenering ontkrag. So word die D-E-vertalingsmetode en parafrasering dikwels op dieselfde vlak geplaas, terwyl die D-E-metode hom juis teenoor parafrasering stel. In die afgelope tyd is verskeie vertalings gepubliseer wat eerder die karakter van parafrasering bevat en wat ooglopend van die AV83 verskil. Verder word daarvan uitgegaan dat die AV33/53 konsekwent 'n konkordante vertaling is, sonder om daarmee rekening te hou dat daar in werklik bitter min vertalings bestaan wat werklik konkordant is. (Young's Literal Translation is 'n poging daartoe). Daar is wel vertalings wat sterker bronteksgeoriënteerd is as ander vertalings. Die plek wat die D-E-vertalingsmetode, die konkordante vertalingsmetode en die bronteksgeoriënteerde vertalingsmetode onderskeidelik op die spektrum van vertalingsmetodes inneem, word dus nie na behore verdiskonteer nie. As gevolg daarvan word die argumente by hierdie motiveringspunt van hulle krag ontnem.
- 2.2.2.2 **Bevinding:** Die Eerste motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.
- 2.2.2.3 **Tweede motivering** (Acta 2006:137, 4.2.2)
- Die Tweede motivering wat die beswaardes vir Beswaargrond 2.2 aanvoer, is dat "die uitgangspunte van die D-E-metode is onskriftuurlik" is. Daarmee word blykbaar bedoel dat hierdie vertaalmetode teen die Bybel ingaan. As motivering hiervoor dien paragrawe 4.2.2.1 – 4.2.2.9 van die Beswaarskrif (Acta 2006:138-141).
- 2.2.2.3.1 Die beswaardes stel: "Een basiese uitgangspunt/praktyk van die D-E-metode is dat die bepaalde grondteks ontleed en vertolk word en die vertolking dan in die ontvangertaal weergegee word." (Acta 2006:138, 4.2.2.1) Bylae E dien as verduideliking by hierdie punt.
- 2.2.2.3.2 **Beredenering van die argumente** in punt 4.2.2.1 van die beswaar
- 2.2.2.3.2.1 Die beswaardes beweer dat die D-E-vertaalmetode kan lei tot "vrye vertaling, ontbeelding, verlies van koloriet, ontpoëtisering, maar veral tot eensydige verklaring". Verder beweer die beswaardes dat die AV83 sekere begrippe "verswak, weggewerk, afgewater of verander" het. Die vertaalmetode ten grondslag van die AV83 het inderdaad, soos in punt 5 van Bylae E aangetoon word, verskuif vanaf die dinamies-ekwivalente na die funksioneel-ekwivalente benadering. Dit is egter nie korrek om die D-E of F-E-metode op gelyke vlak met 'n parafrase of met 'n skokvertaling te stel nie.
- 2.2.2.3.2.2 In 5.1 van Bylae E word beswaar gemaak teen die volgende uitgangspunte van die D-E-metode: dat idees eerder as woorde vertaal word; dat eenvoudige taal en styl nagestreef word; dat dit vir nie-Christene verstaanbaar moet wees; dat "kerklike" terme vermy moet word; dat die bewoording by die ontvangertaal se kultuur moet pas. Die beswaardes hou egter nie met die volgende rekening nie:
- (a) Dat die meeste van bogenoemde uitgangspunte by *alle* vertalings, ook meer konkordante vertalings soos die AV33/53, in 'n mindere of meerdere mate ter wille van verstaanbaarheid toegepas moet word (In Filippense 1:18, byvoorbeeld, sou 'n letterlike oorsetting van die Grieks wees: "Want wat? Behalwe dat op elke wyse ... " Die AV33/53 was genoodsaak om dit ter wille van verstaanbare Afrikaans aan te pas na: "Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse...") Die beswaar gaan dus in wese slegs teen die mate waarin die uitgangspunte in praktyk toegepas is.

- (b) Dat in die NT vertalings van die OT aangehaal word wat soms nog vryer vertaal is as wat die D-E-metode bepaal (vgl 2.3.1.1.1 hierbo). Die blyk dus dat besware teen die uitgangspunte van die D-E-metode nie op beginselgronde berus nie maar eerder die gevolg is van 'n eensydige aandrang op konkordante vertaling.
- 2.2.2.3.2.3 Sake rakende die verbond en die Verbondsnaam van God wat in punt 5.1.4 van Bylae E aangeraak word, is alreeds in punt 2.2.1.3.2.5 hierbo bespreek.
- 2.2.2.3.2.4 In Bylae E (5.2.1) beweer die beswaardes dat sekere woorde weggelaat is by die AV83 van Romeine 1:17. Die beswaardes hou egter nie daarmee rekening nie dat die frase "uit geloof tot geloof" (AV33/53) 'n idiomatiese uitdrukking in Grieks is wat in Afrikaans die betekenis dra van "van begin tot einde deur geloof" of "enkel en alleen omdat hulle glo" (AV83). Om idiomatiese uitdrukkings in die grondteks met idiomatiese Afrikaans te vervang, is juis die uitgangspunt van die AV83 en kan die vertaling daarom nie ten laste gelê word nie (vgl 2.3.2.1.1.2 hierbo). Die kritiek van die beswaardes is dus ongegrond.
- 2.2.2.3.2.5 In Bylae E (5.2.1) word verder verwys na Romeine 7:5, Galasiërs 5:16,17 en Jeremia 23:6. Die beswaar teen die AV83 se weergawe van hierdie Skrifdele is dat dit nie die aantal woorde in die grondteks eerbiedig nie maar woorde byvoeg en/of weglaat. Die ideaal van gelyke aantal woorde is egter in geen vertaling haalbaar nie (vgl. 2.2.2.3.2.2(a) hierbo). Die belangrike vraag by 'n D-E-vertaling is ook nie of die hoeveelheid woorde behou word nie maar of die betekenis van die woorde behou is. Hierdie vraag word egter nie in die beswaarskrif ondersoek nie. Die beswaardes se beredenering in verband met hierdie Skrifdele is dus onoortuigend.
- 2.2.2.3.2.6 In Bylae E (5.2.2) word beweer dat die AV83 die Roomse leer ondersteun. Waarmee egter nie rekening gehou word nie, is dat aanhangers van die Roomse leer en ander dwaalleringe hulle ook op konkordante vertalings soos die AV33/53 beroep. Elke ketter het immers sy letter. Elke vertaling moet beoordeel word vir wat dit homself aandien om te wees, en dit moet nie geëvalueer word aan die hand van hoe kettters dit gebruik nie.
- 2.2.2.3.2.7 **Bevinding:** Die motivering in Acta 2006:138, 4.2.2.1 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.3 **Beredenering van die argumente** in punt 4.2.2.2 van die beswaar
- 2.2.2.3.3.1 Die beswaardes stel: "Die D-E-vertaalmetode gaan uit van die uitgangspunt dat vertolking mag, dat dit 'n reg is, dat interpretasie kan verskil" (Acta 2006:138, 4.2.2.2).
- 2.2.2.3.3.2 Die beswaardes maak tereg die stelling "dat daar verskil is tussen verklaring as nederige buig onder die Woord en Heilige Gees om die betekenis in eksegese te verkry, en die soeke na betekenis deur vertolking of interpretasie." Hulle laat egter na om die noodsaaklikheid van interpretasie in die proses van hermeneuse met die oog op toepassing van die Skrif te beredeneer. Verder toon hulle nie aan hoe en waar die AV83 'n oorgang van verklaring na interpretasie maak nie.
- 2.2.2.3.3.3 **Bevinding:** Die argumente in Acta 2006:138, 4.2.2.2 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.4 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.3 van die beswaar
- 2.2.2.3.4.1 Die beswaardes stel: "Die D-E-metode verwar inspirasie met vertaling" (Acta 2006:138, 4.2.2.3).
- 2.2.2.3.4.2 Die beswaardes haal wel 1 Petrus 1:21 om die beweerde fout van die AV83 aan te toon, maar hulle bly in gebreke om aan te toon *waar* en *hoe* die AV83 fouteer deur inspirasie met vertaling te verwar.
- 2.2.2.3.4.3 **Bevinding:** Die argumente in Acta 2006:138, 4.2.2.3 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.5 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.4 van die beswaar
- 2.2.2.3.5.1 Die beswaardes stel: "Die D-E-metode gaan uit van die standpunt dat die Bybel 'n bloot menslike geskrif wat soos enige ander geskrif ontleed kan word is en

- ontken daardeur die bonatuurlike oorsprong en wese van die Bybel” (Acta 2006:138, 4.2.2.4).
- 2.2.2.3.5.2 In die bespreking van hierdie punt 4.2.2.4 maak die beswaardes inderdaad geldige bewerings. 2 Petrus 2:19-21 en 2 Timoteus 3:16 word aangehaal wat handel oor die inspirasie van Skrif. Tog bly die beswaardes in gebreke om die bewering dat die D-E-metode die Bybel as ’n bloot menslike geskryf beskou, te bewys.
- 2.2.2.3.5.3 **Bevinding:** Die argumente vir die motivering in Acta 2006:138, 4.2.2.4 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.6 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.5 van die beswaar
- 2.2.2.3.6.1 Die beswaardes stel: “Die D-E-metode verwar geestelike verligting met natuurlike begrip.” (Acta 2006:140, 4.2.2.5) en begrond die stelling in ’n uitspraak van Van der Maas dat die D-E-metode die verskil tussen inspirasie en verligting ontken, "sodat wat die teoloog vandag sê dieselfde gesag kan hê as wat die Bybel vroeër gesê het".
- 2.2.2.3.6.2 Wat buite rekening gelaat word, is dat alle Bybelvertaling mensewerk is. Daarom kan geen vertaling van die Bybel ooit op volmaaktheid aanspraak maak nie. Elke vertaling van die Bybel bly altyd toetsbaar aan die teks soos dit in die oorspronklike tale geskryf is. Sake rakende die motivering hierbo sopas gestel, word in 4.2.2.5 bespreek. Die beswaardes dui egter nie aan hoe die AV83 meer as ander vertalings daarop aanspraak maak dat die werk van teoloë dieselfde gesag as die Bybel in die oorspronklike teks het nie.
- 2.2.2.3.6.3 **Bevinding:** Die argumente vir die motivering in Acta 2006:140, 4.2.2.5 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.7 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.6 van die beswaar
- 2.2.2.3.7.1 Die beswaardes stel: “Die D-E-metode onderskryf ... die basiese uitgangspunt van die kommunikasie-wetenskap.” (Acta 2006:140, 4.2.2.6). Bylae F moet hiermee saam gelees word.
- 2.2.2.3.7.2 Dat God in sy Woord Homself aan mense van alle tye duidelik en verstaanbaar aan mense van alle tye bekend maak, is ongetwyfeld waar. Daarom moet Bybelvertalers noukeurig sorg dra dat hulle vertaling ook duidelik en verstaanbaar vir mense sal wees. Die beswaardes hou nie daarmee rekening dat duidelikheid en verstaanbaarheid van vertaling op verskillende wyses bereik kan word nie, soos die verskillende vertalings van die OT in die NT ’n duidelike bewys is (vgl 2.3.1.1.1 hierbo). Die D-E-metode trag om op ’n besondere wyse duidelikheid en verstaanbaarheid van vertaling te bereik.
- 2.2.2.3.7.3 In punt 4.2.2.6 en in Bylae F maak die beswaardes die bewering dat dit vir die D-E-vertaler "nie God is wat spreek nie, maar (dat) die outeur ’n Bybelskrywer word wat binne sy beperkings van die taal en agtergrond oor God skryf aan mense met hul eie beperkende taal en agtergrond." Die Skrifbeskouing wat die beswaardes hier uitwys, moet inderdaad verwerp word. Die beswaardes gee egter geen bewyse dat hierdie Skrifbeskouing inherent aan die D-E-metode is nie.
- 2.2.2.3.7.4 **Bevinding:** Die argumente vir die motivering in Acta 2006:140, 4.2.2.6 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.8 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.7 van die beswaar
- 2.2.2.3.8.1 Die beswaardes stel: “(Dit) is die uitgesproke doel van die moderne vertaalwetenskap met die D-E-metode as banier, om by die hoorder/leser in die ontvangertaal dieselfde reaksie te ontlok as by die oorspronklike hoorder” (Acta 2006:140, 4.2.2.7). Verder maak die beswaardes die bewering: “Dit is duidelik dat in die doeltaalgerigte metode die vertaler die werk van die Heilige Gees wil oorneem...”
- 2.2.2.3.8.2 Met verwysing na Handeling 2:13 en 37, Jeremia 36:21-23 en Markus 15:13 bespreek die beswaardes op geldige wyse die uiteenlopende reaksie/ effek wat die Woord van God op hoorders kan hê. In hulle bespreking erken die

beswaardes dat elke teks (ook in vertaling) 'n bepaalde effek by lesers (die eerste lesers en ook latere lesers) veroorsaak. Dit geld nie net vir die AV83 nie maar ook vir die AV33/53. Die beswaardes verduidelik egter nie waarom die AV33/53 na hulle mening die regte effek teweegbring en die AV83 nie die regte effek teweegbring nie.

- 2.2.2.3.8.3 Dat 'n "reaksie/skok"-vertaling nie by die Bybel pas nie, spreek vanself. Die beswaardes toon egter nie aan waar en hoe die AV83 hom daaraan skuldig maak om getrouheid ter wille van effek prys te gee nie
- 2.2.2.3.8.4 **Bevinding:** Die argumente vir die motivering in Acta 2006:140, 4.2.2.7 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.9 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.8 van die beswaar
- 2.2.2.3.9.1 Die beswaardes stel: "Die D-E-metode probeer die onmoontlike. Hulle (D-E-metode) beweer dat die presiese betekenis van die oorspronklike weergegee word terwyl hulle in werklikheid groot aanpassings toelaat in die taal en kultuur waarin vertaal word" (Acta 2006:141, 4.2.2.8).
- 2.2.2.3.9.2 Hierdie opmerking van die beswaardes geld in 'n sekere sin vir alle vertalings van die Bybel. Geen vertaling kan immers daarop aanspraak maak om die presiese betekenis van die oorspronklike weer te gee nie. Die AV33/53 se strewe om so ver as moontlik die oorspronklike teks woord-vir-woord te behou, veroorsaak in baie gevalle juis verlies aan betekenis. Die AV83 streef daarna om 'n beter oordrag van die betekenis te bewerkstellig deur aanpassings ten opsigte van taal en kultuur te maak. Selfs met die aanpassings is dit egter onmoontlik om altyd die presiese betekenis van die oorspronklike in vertaling weer te gee. In hierdie opsig is vertaalwerk altyd 'n poging om die onmoontlike te vermag. Tog mag hierdie feit vertalers nie moedeloos maak of hulle werk tot stilstand bring nie. Die beswaardes bewys egter in geen opsig waarom die AV83 spesifiek op hierdie punt onaanvaarbaar is nie.
- 2.2.2.3.9.3 **Bevinding:** Die argumente vir die motivering in Acta 2006:140, 4.2.2.8 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.10 **Beredenering van die argument** in punt 4.2.2.9 van die beswaar
- 2.2.2.3.10.1 Die beswaardes stel: "Die D-E-metode ignoreer die verbod tot byvoeging en weglating uit God se Woord (Op 22:18-19; Spr 30:5-6; Jer 26:2; Deut 4:2; Eseg 3:10-11)" (Acta 2006:141, 4.2.2.9).
- 2.2.2.3.10.2 Die voorbeelde wat die beswaardes noem (ook in Bylae D), behels Skrifdele waar 'n sekere woord in die Grieks in verskillende vertalings met verskillende woorde weergegee word, soos geregtigheid (AV33/53) en vryspraak (AV83); toorn (AV33/53) en straf (AV83). Hoe hierdie voorbeelde met die kwessie van byvoeging of weglating verband hou, word egter nie deur hulle aangetoon of beredeneer nie. Die indruk word geskep dat die beswaardes daarteen beswaar het dat iets van die AV33/53 weggelaat of daarby gevoeg word.
- 2.2.2.3.10.3 **Bevinding:** Die argumente vir die motivering in Acta 2006:140, 4.2.2.9 is ontoereikend om die Tweede beswaar te laat slaag.
- 2.2.2.3.11 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.2 in geheel**  
Die motiverings vir Beswaargrond 2.2 bied nie genoegsame gronde vir die beswaar om te slaag nie.

**Besluit: Kennis geneem van 2.2.2 tot 2.2.2.3.11.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2.2 kan slaag nie, aangesien die motivering daarvoor ontoereikend is om dit te laat slaag.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.2.3 **Beswaargrond 2.3: Die D-E-vertaalmetode, Eugene Nida, en die meeste van sy nalopers, is nie die Gereformeerde Belydenis en Skrifbeskouing toegedaan nie**

2.2.3.1 **Motivering by Derde Beswaargrond**

Die beswaardes redeneer dat die D-E metode deur 'n ketter geskep is. "God sal nie SY WAARHEID deur 'n ketter vir ons gee nie" (Acta 2006:141, 4.3; met verwysing na Bylaes E en O).

2.2.3.2 **Beredenering van die motivering**

2.2.3.2.1 Teenoor die stelling: "God sal nie SY WAARHEID deur 'n ketter vir ons gee nie" kan gestel word dat daar in Numeri 23 en 24 vier lofliedere op God staan wat deur die goddelose Bileam die lig gesien het. God het Bileam as sy instrument gebruik om sy lof te besing. Net so het God deur die mond van Kajafas 'n profesie uitgespreek dat Jesus vir die volk sou sterwe (Joh 11:51). Daarom kan met reg gevra word: Sou God nie ook vir Nida kon gebruik nie?

2.2.3.2.2 Bylae E toon nie aan dat die beswaargrond naamlik dat Nida na bewering 'n ketter is, die AV83 'n ongeldige vertaling maak nie.

2.2.3.2.3 In Bylae O gee die beswaardes (vier keer) 'n beskrywing van die werk en standpunte van Nida. Daaruit is dit duidelik dat Nida beslis bedenkbare beskouings oor die Skrif en Skrifgesag en ook oor die soendood van Christus het. Deur allerlei dinge te sê oor persone wat by die vertaalmetode of -werk betrokke was, word egter nie bewys dat die AV83 as sodanig vir die kerk onbruikbaar is nie.

2.2.3.2.4 Die beswaardes toon verder aan dat sekere beskouings van Nida 'n bepaalde invloed gehad het op die manier waarop hy bepaalde uitgangspunte van die D-E-metode geformuleer het. Die implikasie van die argument is blykbaar dat hierdie beskouings van Nida via die D-E-metode in die AV83 neerslag gevind het. Die beswaardes bly egter in gebreke om aan te toon waar en hoe so 'n neerslag in die AV83 na vore kom.

2.2.3.2.5 Hoewel die vermelde beskouings van Nida verwerplik is en hoewel sekere aspekte aan die D-E-metode beslis minder aanvaarbaar is, is die vertaalwerk van die AV83 steeds deur Christene vanuit gereformeerde geleedere gedoen. Buitendien was die amptelike standpunt van die 1983-vertalers dat hulle nie die D-E-metode slaafs nagevolg het nie. Daarom rus die onus steeds op die beswaardes om vermeende leerstellige onsuiverheid in die eindproduk van die AV83 aan te toon.

2.2.3.3 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.3**

Die motiverings vir Beswaargrond 2.3 bied nie genoegsame gronde vir die beswaar om te slaag nie.

**Besluit: Kennis geneem van 2.2.3 tot 2.2.3.3.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2 kan slaag nie, aangesien die motivering daarvoor ontoereikend is om dit te laat slaag.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.2.4 **Beswaargrond 2.4: Die gebruikte grondteks vir die NT van die AV83 is 'n onbetroubare getuie**

2.2.4.1 **Eerste motivering vir die beswaargrond**

Op grond van die voorwoord van die AV83 en op grond van 'n vergelyking van die AV83 met die Good News Bybels, word die afleiding gemaak dat die vertalers die UBS<sup>3</sup> as grondteks vir die NT gebruik het omdat hulle die UBS-tekste as die beste uitgawe van die Griekse Nuwe Testament beskou.

2.2.4.1.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.4.1.1.1 Die afleiding dat die UBS<sup>3</sup>-uitgawe as grondteks vir die AV83 gebruik is, is korrek.

2.2.4.1.1.2 Om daaruit af te lei dat die vertalers die UBS-uitgawe as die beste gedrukte uitgawe van die Griekse Nuwe Testament beskou, is nie noodwendig korrek nie. As bewys hiervan dien die feit dat die 1933-vertalers, hoewel die meeste van hulle self oortuig was dat die Textus Receptus nie die beste gedrukte uitgawe is nie, dit

om praktiese redes wel in hulle vertaling gevolg het (vgl JD du Toit in *Die Kerkblad* van 19 Julie 1940:7).

2.2.4.1.1.3 Die vraag of die vertalers self die UBS-tekst as die beste uitgawe beskou, is egter nie vir hierdie beswaargrond belangrik nie, maar wel die vraag of die UBS-tekst inderdaad die beste uitgawe van die Griekse Nuwe Testament is. Laasgenoemde vraag word in 4.4.2 e.v. aan die orde gestel.

#### 2.2.4.1.2 **Bevinding**

Van die Eerste motivering kan slegs kennis geneem word, aangesien dit inderwaarheid net die feitelike situasie stel waaroor die res van die beswaargrond gaan, naamlik dat die UBS<sup>3</sup>-uitgawe die grondtekst vir die AV83 was.

#### 2.2.4.2 **Tweede motivering**

Dit word aangevoer dat die tekst van die UBS saamgestel is uit hoofsaaklik onbetroubare manuskripte, veral kodekse **Alef**, **B**, **A**, **C** en **D** ('n sg Westerse tekst) wat as die oudste en betroubaarste waardeur word. Onderstaande argumente vir die onbetroubaarheid van hierdie manuskripte word in 4.4.2 van die Beswaarskrif (gerugsteun deur Bylae G) aangevoer:

##### 2.2.4.2.1 **Eerste argument vir die motivering**

Gemeet aan die Bybelse vereistes vir betroubare getuies/getuienis wys die talle onderlinge verskille tussen kodekse **Alef**, **B**, **A**, **C** en **D** dat hulle onbetroubare getuies is. Hoewel **Alef** en **B** baie ou manuskripte is, maak dit hulle nog nie betroubaar nie, aangesien die talle onderlinge verskille dié twee manuskripte intrinsiek diskwalifiseer as betroubare getuies volgens die norme wat God aanlê (met verwysing na par 2.2.3 van die Beswaarskrif) (vgl Beswaarskrif 4.2.2 (a), (c), (d), (g) en (h)).

##### 2.2.4.2.1.1 **Beredenering van die argument**

- (a) Die uitgangspunt in paragraaf 2.2.3 van die Beswaarskrif is dat volgens die Bybel “die wesenskenmerk van meerdere (twee of meer) getuies/getuienis is dat dit eenstemmig moet wees om betroubaar te kan/mag wees.” Hiermee word die duidelike bedoeling van Deuteronomium 19:15 (Matt 18:16 ea plekke) egter omgedraai. Die Bybel leer nie dat eenstemmigheid van getuies bewys dat hulle **getuienis** betroubaar is nie, maar eerder dat eenstemmigheid van (betroubare) getuies bewys dat die saak vas en seker is. Twee of meer leuenagtige getuies kan eenstemmig wees, maar dit maak nog nie hulle getuienis betroubaar nie.
- (b) 'n Tweede foutiewe afleiding is dat getuienis betroubaar is net as dit **woordeliks** ooreenstem. Betroubare getuies se getuienis hoef nie (en behoort eintlik ook nie) woordeliks met mekaar ooreen te kom nie. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is die sinoptiese dele van die Bybel (veral die Sinoptiese Evangelies) waarvan die getuienis volkome eenstemmig is, maar wat beslis nie woordeliks ooreenkom nie. Daarom is die argument dat die talle (woord- en formulerings-)verskille tussen sekere Nuwe-Testamentiese manuskripte bewys van hulle onbetroubaarheid is, ongegrond.
- (c) Die stelling dat die ouderdom van kodekse **Alef** en **B** (en ander ou manuskripte) hulle nie as sodanig betroubaar maak nie, is korrek. Dit blyk egter uit die getuienis van die samestellers van die UBS-tekst (vgl BM Metzger se *Textual commentary on the Greek New Testament*, 1971) dat hulle by die oorweging van lesings nie net die ouderdom van manuskripte nie maar ook transkripsionele en intrinsieke oorwegings in aanmerking geneem het.
- (d) Die teorie wat in 4.2.2(h) genoem word, naamlik dat dieselfde skriptor gedeeltelik aan **Alef** en **B** geskryf het (en dat die twee manuskripte tog soveel van mekaar verskil) bied geen oortuigende argument vir die onbetroubaarheid van een of beide van die manuskripte nie. Die verskille kan bloot daaraan toegeskryf word dat by die kopiëring van die twee manuskripte gebruik gemaak is van twee verskillende argeties. In ieder geval berus hierdie

stellings op blote bespiegeling, selfs al stem uiteenlopende geleerdes soos Tischendorf en Burgon daarvoor saam.

2.2.4.2.1.2 **Bevinding** ten opsigte van die argumentasie

Die argumente wat in 4.4.2(a), (c), (d), (g) en (h) van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

2.2.4.2.2 **Tweede argument vir die motivering**

In die Beswaarskrif word geargumenteer dat kodekse **Alef** en **B** redaksioneel swak versorg is met talle weglatings, herhalings, spelfoute en korreksies wat dit as betroubare getuies diskwalifiseer (vgl 4.4.2(b) en (i)). Getalle en voorbeelde van die weglatings, herhalings, spelfoute en korreksies word in 4.4.2 (c), (d), (e), (f) en (h) gegee, en in die Beswaarskrif se Bylae G. In 4.4.2 (e) word beweer dat **Alef** en **B** “saam 4000 woorde weglaat, 2000 byvoeg, 3500 verplaas en 2000 wysig.”

2.2.4.2.2.1 **Beredenering van die argument**

Die bronne wat in die Beswaarskrif aangehaal word (Burgon, Hoskier, Grady en Green) se vertrekpunt en maatstaf vir weglating, byvoeging, korreksies, ens., is telkens die Meerderheidstek, soos dit in die Textus Receptus sy neerslag gevind het. Indien 'n ander vertrekpunt geneem sou word, byvoorbeeld die Aleksandrynse teks, sou 'n mens tot die konklusie kom dat dit die *Meerderheidstek* is wat weglaat, byvoeg, korrigeer, ens. (soos die Westcott & Hort-skool inderdaad konkludeer). Die punt is: Met die voorhande meer as 5000 manuskripte van die Griekse Nuwe Testament wat onderling almal in 'n mindere of meerdere mate van mekaar verskil, is dit menslik onmoontlik om bo alle twyfel vas te stel watter lesings byvoegings is en watter weglatings, watter die oorspronklike lesings was en watter lesings die gevolg van “korreksies” was. Juis hierdie onvermoë van die mens maak Tekskritiek as wetenskap noodsaaklik, ten einde gemotiveerde beslissings te kan maak. Omdat die manuskripte onderling van mekaar verskil, is dit noodsaaklik dat tekssamestellers gemotiveerd tussen die verskillende lesings kies. Uiteraard sal hulle keuses op eie voorkeure berus, voorkeure wat uit eie oortuigings, teorieë en argumente voortspruit. Maar juis omdat dit op eie oortuigings, teorieë en argumente berus, moet elke keuse met groot nederigheid gemaak word. Dit is so dat sommige tekskritici om bepaalde redes aan lesings uit die Aleksandrynse tradisie voorkeur verleen en ander weer om bepaalde redes aan die Meerderheidstradisie. Uiteraard neem elke tekskritikus sy voorkeur-tradisie as norm en beskou lesings wat nie daarmee ooreenkom nie as foutief. In die proses moet egter daarteen gewaak word om persoonlike voorkeure te kanoniseer. Dit geld vir die aanhangers van die Aleksandrynse teks én vir die aanhangers van die Meerderheidstek.

Die betrokke afdelings van die Beswaarskrif slaag dus nie daarin om aan te toon dat die UBS-teks foutief is nie, maar slegs dat die UBS-teks afwyk van die tekstradisie waaraan die beswaardes voorkeur verleen, naamlik die Meerderheidstek.

2.2.4.2.2.2 **Bevinding ten opsigte van die argument**

Die argumente wat in 4.4.2 (b), (c), (d), (e) en (f) van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige motivering vir die beswaargrond nie.

2.2.4.2.3 **Die Derde argument vir die motivering**

Die beswaardes voer aan dat die UBS-teks se basis-manuskripte, kodekse **Alef** en **B**, uit 'n klein geografiese gebied kom en vir byna 1500 jaar geen erkenning in die Kerk geniet het nie (4.4.2 (j)).

2.2.4.2.3.1 **Beredenering van die argument**

Dit is so dat die sogenaamde Aleksandrynse manuskripte uit 'n betreklik klein geografiese gebied (die omstreke van Aleksandrië) afkomstig is. Die (grootte van die) gebied waaruit 'n manuskrip kom, is egter nie as sodanig 'n diskwalifikasie nie. Die feit dat hierdie manuskripte hulle in die omstreke van Aleksandrië bevind het, bied egter 'n waarskynlike verklaring vir die feit dat dit vir “byna 1500 jaar geen erkenning in die Kerk geniet het nie.” Vir die byna 1500 jaar voor die eerste

gedrukte uitgawe van die Griekse Nuwe Testament die lig gesien het, is die Griekse Nuwe Testament hoofsaaklik in die Griekssprekende wêreld (d.w.s. in die Grieks-Ortodokse Kerk) gebruik en blywend gekopieer. Vir die Grieks-Ortodokse Kerk was Griekse manuskripte van ander wêrelddele waarskynlik onbekend. Die gevolg was dat sulke onbekende manuskripte by hulle ook geen erkenning geniet het nie (maw dat dié manuskripte nie deur hulle bestudeer of gekopieer is nie).

As sodanig kan die klein geografiese gebied waaruit manuskripte afkomstig is en die feit dat dit in die tyd van handgeskrewe oorlewering geen erkenning by die Griekssprekende kerke gehad het nie, nie as bewys van hulle onbetroubaarheid geld nie.

#### 2.2.4.2.3.2 **Bevinding ten opsigte van die argument**

Die argument wat in 4.4.2 (j) van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige motivering vir die beswaargrond nie.

#### 2.2.4.2.4 **Vierde argument vir die motivering**

Die Vierde argument ter motivering van beswaar teen die UBS-tekst is dat kodekse **Alef** en **B** “aan Desiderius Erasmus, Beza, Stefanus en ook die Hervormers soos Calvyn bekend was, maar nie geag is nie” (4.4.2(k)).

#### 2.2.4.2.4.1 **Beredenering van die argument**

(a) Hierdie argument berus op 'n twyfelagtige interpretasie van die verloop van sake in die 16e eeu. Dit hou nie daarmee rekening dat daar in die 16e eeu nog geen wetenskap bestaan het waarin manuskripte teen mekaar opgeweeg is nie. Toe Erasmus in 1516 die eerste gedrukte uitgawe van die Griekse Nuwe Testament saamgestel het, het hy maar net dié manuskripte gebruik wat beskikbaar was in Basel (waar hy die samestelling gedoen het). Hy het agterna self erken dat hy nie die manuskripte teen mekaar opgeweeg het nie. Vir hom was die belangrike saak dat hy 'n teks laat druk wat ten minste in een Griekse manuskrip aangetref word. Uiteraard was die manuskripte waarop hy onmiddellik sy hande kon lê, van laat-Bisantynse oorsprong, dit wil sê afkomstig van die Griekssprekende wêreld van daardie tyd. Sy keuse het dus nie op hoë agting vir bepaalde dokumente berus nie maar slegs op die praktiese omstandighede waarin hy hom bevind het. Hoewel Erasmus later ook ander manuskripte onder oë gekry het, was daar nog geen wetenskap gevestig op grond waarvan hy aan “beter manuskripte” voorkeur kon verleen nie.

(b) Die Griekse Nuwe Testament wat deur die Hervormers gebruik is, was dié van Erasmus, of basiese herdrukke van sy uitgawe. Dit was so om bloot praktiese redes: Erasmus se teks was die enigste beskikbare gedrukte teks en, by gebrek aan tekskritiese oorwegings, was daar vir hulle geen rede waarom hulle dit sou bevraagteken nie.

(c) Die hedendaagse tekskritiese vraagstukke het nie in Erasmus en die Hervormers se tyd bestaan nie. Hoewel hulle sommige variante lesings geken en met mekaar vergelyk het, het hulle nie manuskripte teen mekaar opgeweeg nie. In die destydse geskilpunte oor die teks (bv die sg *Comma Johanneum* in 1 Joh 5:17) was die groot vraag bloot of die lesing in enige Griekse manuskrip voorkom. Oor die betroubaarheid van sulke manuskripte is egter geen vroeë gepraeg nie. Trouens, in die 16e eeu was die betroubaarheid van manuskripte (nog) nie 'n twispunt nie. Om dus te beweer dat Erasmus en die Hervormers **Alef** en **B** “nie geag is nie”, kom dus eintlik neer op 'n anachronisme.

#### 2.2.4.2.4.2 **Bevinding ten opsigte van die argument**

Die argument wat in 4.4.2(k) van die Beswaarskrif gegee word, bied geen oortuigende motivering vir die beswaargrond nie.

#### 2.2.4.2.5 **Die Vyfde argument ter motivering van die motivering**

Die Vyfde argument is dat **Alef** en **B** 'n familie “van ongeveer 50 manuskripte verteenwoordig, teenoor 'n oorweldigende getal van meer as 5000 van die sg

Kerklike teks (ook genoem Meerderheidteks, Bisantynse teks) waarvan die Textus Receptus 'n saamgestelde grondteks is. Hierdie Meerderheidteks-manuskripte kom oor 'n baie wye geografiese gebied voor en dateer van die 4de tot die 12de eeu. Tog verskil dit onderling baie min en getuig daarom van noukeurige transkripsie en betroubaarheid as getuies – en van God se getroue bewaring” (vgl 4.4.2(l) van die Beswaarskrif).

#### 2.2.4.2.5.1 **Beredenering van die argument**

- (a) Die standpunt dat die meerderheid manuskripte die oorspronklike teks bevat, word ontleen aan die sg Meerderheidsteorie. Hoewel hierdie standpunt inderdaad meriete het, berus dit – net soos die Westcott & Hort-standpunt – slegs op 'n teorie. Lesings wat in die meerderheid manuskripte voorkom, is egter nie noodwendig meer betroubaar nie. Die genealogiese studie van manuskripte toon immers oortuigend aan dat afskrifte eerder geweeg as getel moet word. Die betroubaarheid van 'n manuskrip hang immers van die betroubaarheid van sy argetipe (voorbeeldmanuskrip) af en nie van die hoeveelheid ander afskrifte wat van daardie selfde argetipe gemaak is nie. Die feit dat daar vandag meer as 5000 kopieë is wat tot die Bisantynse teksfamilie behoort, dui nie noodwendig op superioriteit nie, maar kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die Griekssprekende kerke van die 4e tot die 12e eeu die Griekse teks slegs in sy Bisantynse vorm geken en gekopieer het. Griekse manuskripte wat buite die Griekssprekende wêreld was, is vanselfsprekend baie selde gekopieer. Dit kan verklaar waarom daar vandag so min manuskripte van ander teksfamilies bestaan. Die meerderheid manuskripte is dus nie noodwendig meer betroubaar as die ander nie.
- (b) Die feit dat die Bisantynse manuskripte van die 4e tot die 12e eeu betreklik min van mekaar verskil, dui inderdaad op noukeurige transkripsie, en is beslis deel van God se getroue bewaring. Weer eens moet in gedagte gehou word dat die betroubaarheid van manuskripte van die betroubaarheid van hulle argetipe afhang, en nie bloot van die noukeurigheid waarmee hulle daarna gekopieer is nie. As die aanvanklike argetipe argumentsonthalwe tien foutiewe lesings bevat het, sou noukeurige kopiëring in daaropvolgende manuskripte bloot tot gevolg hê dat ook die tien foutiewe lesings noukeurig bewaar gebly het. Daarmee word nie gesê dat die manuskripte van die Nuwe Testament vol foute is nie. Hieroor word later meer gesê. Op hierdie stadium word bloot daarop gewys dat noukeurige kopiëring as sodanig nie as waarborg vir betroubaarheid beskou kan word nie.
- (c) Daarom bewys die groot aantal Bisantynse manuskripte en die groot mate van ooreenstemming tussen hulle nie dat Bisantynse manuskripte meer betroubaar as manuskripte van ander teksfamilies is nie.

#### 2.2.4.2.5.2 **Bevinding ten opsigte van die argument**

Die argument wat in 4.4.2(l) van die Beswaarskrif ter ondersteuning van die motivering vir die beswaar gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.4.2.6 **Die sesde argument vir die motivering**

In die Beswaarskrif word geargumenteer dat variante lesings eerder doelbewus as per abuis gemaak is (Beswaarskrif 4.4.2(m)), met die suggestie dat die groot aantal variante lesings in **Alef** en **B** (en verwante manuskripte) die gevolg van doelbewuste verandering was (in 4.4.2(o) geïllustreer aan die hand van verskille in die Onse Vader-tekste van Luk 11:2-4). Verder word die “doelbewuste veranderings” in navolging van Burgon aan die ketter Marcion en Origenes verbind (vgl 4.4.2(n) van die Beswaarskrif).

#### 2.2.4.2.6.1 **Beredenering van die argument**

- (a) Veranderinge in manuskripte het inderdaad soms per abuis en soms doelbewus ontstaan. Dit is egter baie moeilik om bo alle twyfel vas te stel watter veranderinge doelbewus en watter per abuis plaasgevind het. Die

meeste oorwegings bring ons slegs by waarskynlikhede uit. Hierdie toedrag van sake lewer egter geen bewys ten opsigte van die betroubaarheid van enige manuskrip nie.

- (b) Die lys van verskille in die Onse Vader-tekste by **Alef, B, A, C** en **D** kan nie op sigself as bewys van onbetroubaarheid gebruik word nie (vgl die beredenering by 4.4.2(l) hierbo).
- (c) Die verskille is boonop van so 'n aard dat dit in geen opsig die wese of strekking van die gebed verander nie – net so min as wat die verskille tussen die Matteus-weergawe en die Lukas-weergawe die wese of die strekking van die gebed verander.
- (d) In feitlik die helfte van die voorbeelde wat in 4.4.2(o) van die Beswaarskrif genoem word, volg een of meer van die manuskripte die lesing van Matteus-weergawe van die Onse Vader-gebed na. Sulke veranderings is waarskynlik die gevolg van bewuste of onbewuste harmonisering met die bewoording van Matteus. Hoe sulke veranderings aan vervalsing deur Marcion toegeskryf kan word, is moeilik om te begryp en word ook nie in die Beswaarskrif of sy Bylaes beredeneer nie.

#### 2.2.4.2.6.2 **Bevinding ten opsigte van die argument**

Die argumente wat in 4.4.2(m), (n) en (o) ter ondersteuning van die motivering van die beswaargrond gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.4.2.7 **Bevinding ten opsigte van die Tweede motivering**

Die Tweede motivering van Beswaargrond 2.4 is ontoereikend om die beswaar te laat slaag.

#### 2.2.4.3 **Derde motivering**

As Derde motivering vir die bewering dat die Nuwe-Testamentiese grondtekste van die AV83 onbetroubaar is, word in 4.4.3 van die Beswaarskrif aangevoer dat die UBS-samestellers se tekskeuses hoogs subjektief is. As argument hiervoor word daarop gewys dat die UBS-samestellers tussen die verskillende hersiene uitgawes van die teks op verskeie plekke hulle tekskeuses verander het. Verder word beswaar aangeteken teen die feit dat die UBS<sup>3</sup> en die N-A<sup>26</sup>-uitgawes inderwaarheid die nuwe Textus Receptus van die Griekse Nuwe Testament geword het.

##### 2.2.4.3.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.4.3.1.1 In die eerste plek moet daarop gewys word dat alle samestellers se tekskeuses subjektief is aangesien elke tekskeuse op die samesteller(s) se eie teorieë en voorkeure berus.

2.2.4.3.1.2 Dat samestellers tussen verskillende uitgawes van opinie verander, is nie vreemd nie. Die doel van 'n hersiene uitgawe is onder meer om veranderings aan te bring na gelang van nuwe insigte wat intussen verkry is. Daarom kan die feit van veranderings in die verskillende hersiene uitgawes op sigself nie teen die UBS-tekste gehou word nie.

2.2.4.3.1.3 Die beswaar teen die feit dat die UBS<sup>3</sup> en die N-A<sup>26</sup>-uitgawes inderwaarheid die nuwe standaardtekste van die Griekse Nuwe Testament geword het, is geldig. Hierdie uitgawes berus immers op teorieë wat dikwels op losse skroewe staan en kan daarom kwalik die standaard vir alle teksuitgawes stel. Die feit dat die UBS-tekste ten onregte deur sommige geleerdes tot standaardtekste verhef word, beteken egter nie dat dit glad nie as grondtekste vir vertaling gekies mag word nie. Daarom kan dit nie as motivering vir die beswaargrond teen die UBS-tekste as grondtekste vir die AV83 gebruik word nie.

##### 2.2.4.3.2 **Bevinding ten opsigte van die Derde motivering**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.4.3 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.4.4 **Vierde motivering**

As Vierde motivering vir die beswaargrond word aangevoer dat die UBS-samestellers se voorkeur van manuskripte op die “bedenklike kriteria” van Westcott en Hort berus, “wat op hulle beurt op voorgangers soos Tischendorf, Lachmann en

andere voortgebou het. Hul teorie oor die herkoms en familiegeskiedenis van die manuskripte, kon nog nooit geverifieer word nie en dit is duidelik dat hul resultate gefabriseer is.” “Deurdag genoeg teoloë egter hul teorie nagepraat het, het dit die status van wetenskaplikheid verwerf” (vgl 4.4.4 van die Beswaarskrif).

#### 2.2.4.4.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.4.4.1.1 Die Beswaarskrif het gelyk in die opsig dat Westcott en Hort se teorie oor die herkoms en familiegeskiedenis van die manuskripte nog nooit geverifieer kon word nie. Dit is egter waar van elke ander teorie oor die herkoms en geskiedenis van die manuskripte, ook dié van die ondersteuners van die Meerderheidstek. As historiese wetenskap kan die Tekskritiek kwalik verder kom as teorieë en aannames. Op sigself dien hierdie argument dus nie as motivering vir die beswaargrond nie.

2.2.4.4.1.2 Dit is inderdaad ook so dat die ontdekking van die papyrusmanuskripte in die 20e eeu aangetoon het dat Westcott en Hort se rekonstruksie van die familiegeskiedenis van manuskripte veel te wense oorlaat. Tot dusver het daar egter nog nie 'n beter verifieerbare teorie in die Tekskritiek na vore gekom nie. Dit geld ook vir die Meerderheidsteorieë.

2.2.4.4.1.3 Die beswaardes het verder gelyk daarin dat teoloë ten onregte aan Westcott en Hort se teorieë die status van wetenskaplikheid verleen het. Hierdie misplaaste status moet inderdaad in die Tekskritiek en die Teologie as geheel bestry word. Dit geld ook vir enige ander huidige teorie waaraan sodanige status verleen sou word.

2.2.4.4.1.4 Op sigself kan hierdie besware egter nie as motivering gebruik word waarom die UBS-teks nie as grondteks vir die AV83 gebruik behoort te word nie.

#### 2.2.4.4.2 **Bevinding ten opsigte van die motivering**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.4.4 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.4.5 **Vyfde motivering**

Die Vyfde motivering vir die beswaar teen die UBS-teks as Nuwe-Testamentiese grondteks van die AV83 is dat die voorstanders van die Aleksandrynse manuskripte, by name Westcott en Hort, skrifkrities was en boonop okkultiste, Maria-vereerders en aanhangers van die ketter Origenes. Die argument is dat ons nie “die vrugte van sulke slegte bome en hul ‘wetenskaplike’ metodes as goed mag aanprys en aanvaar nie” (vgl 4.4.5 van die Beswaarskrif).

#### 2.2.4.5.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.4.5.1.1 Hierdie motivering hou die probleem in dat dit inderwaarheid *ad hominem* (op persone gerig) en nie *ad rem* (op die saak gerig) is nie. Dit help min om die boom sleg te maak as nie aangetoon word waar die slegte plekke aan die vrugte is nie. Die belangrike vraag is: Waar vind Westcott en Hort se beweerde okkultisme, Maria-verering en aanhang van Origenes neerslag in die Griekse teks wat hulle uitgegee het? Op hierdie vraag word nie in die Beswaarskrif of sy Bylaes afdoende antwoorde gegee nie. Aan die einde van Bylae L (punt 20) word bloot gesê: “Die W&H-GNT plaas die mens ipv God in die sentrum.” Ongelukkig word hierdie stelling nie vanuit W&H se Griekse Nuwe Testament (GNT) self gestaaf nie.

2.2.4.5.1.2 Dit is nie duidelik of in die Beswaarskrif bedoel word dat die vertalers van die AV83 Westcott en Hort se metodes “as goed aanprys en aanvaar” nie. Indien wel, moet daarop gewys word dat 'n mens nie deur 'n bepaalde teksuitgawe te gebruik daarmee noodwendig die samestellers se metodes onderskryf nie (vgl in hierdie verband ook die opmerkings hierbo in 2.2.3.2). Daarom bied ook hierdie per-implikasie-bewering geen motivering vir die beswaargrond nie.

#### 2.2.4.5.2 **Bevinding ten opsigte van die motivering**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.4.5 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir die beswaar dat die grondteks van die AV83 onbetroubaar is nie.

#### 2.2.4.6 **Sesde motivering**

Die Sesde motivering vir die beswaar teen die UBS-tekse as Nuwe-Testamentiese grondtekste van die AV83 is dat die samestellers van die UBS<sup>2</sup> en UBS<sup>3</sup> skrifkrities ingestel is, nie die Gereformeerde Skrifbeskouing toegedaan is nie, ook Rooms-Katolieke geleerdes insluit en nie groot ontsag vir die Woord van God het nie (vgl 4.4.6 en Bylae M van die Beswaarskrif).

#### 2.2.4.6.1 **Beredenering van die motivering**

Weereens word die argument *ad hominem* (op persone) in plaas van *ad rem* (op die saak) gerig. Weereens bly die Beswaarskrif in gebreke om aan te toon waar en hoe die beweerde Skrifkritiek van die samestellers die tekste wat hulle uitgegee het, beïnvloed het.

#### 2.2.4.7 **Bevinding ten opsigte van die motivering**

Ook hierdie motivering van die beswaargrond bied geen geldige grond vir die beswaar dat die grondtekste van die AV83 onbetroubaar is nie.

#### 2.2.4.8 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.4 in geheel**

Die motiverings vir Beswaargrond 2.4 bied nie genoegsame gronde vir die beswaar om te slaag nie.

**Besluit: Kennis geneem van 2.2.4 tot 2.2.4.8.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2.4 kan slaag nie, aangesien die motivering daarvoor ontoereikend is om dit te laat slaag.

**Besluit: Goedgekeur.**

#### 2.2.5 **Beswaargrond 2.5: Die woorde: "in ons teenwoordige situasie en tyd" is 'n onbybelse uitgangspunt en is strydig met die Belydenis in NGB, art 7**

Vyf motiverings word vir hierdie beswaargrond gegee.

#### 2.2.5.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:146, 4.5.1)

Die Eerste motivering waarom die bewoording "in ons teenwoordige situasie en tyd" onbybels en in stryd met NGB, art 7 sou wees, is dat dit *ruimte laat* vir die sogenaamde situasie-etiek. Dit laat die indruk dat die teenwoordige situasie en tyd die inhoud van die Woord van God in grondtekste of vertaling bepaal of beïnvloed en nie die inhoud van die Woord self nie. Dit laat die indruk dat die Woord van God tydgebonde is.

#### 2.2.5.1.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.5.1.1.1 Hierdie motivering maak nie duidelik onderskeid tussen die tydsgerigtheid en tydsgebondenheid nie. 'n Tydgerigte vertaling wil spreek "in" 'n bepaalde situasie en tyd, onder andere deur woorde in die doeltaal te gebruik wat duidelik verstaanbaar is. Die sinode het tereg verwys na "in ons teenwoordige situasie en tyd." 'n Tydgebonde vertaling wil die Woord inpas by die tydsgees. Indien die Sinode 'n vertaling voorgestaan het "vir ons teenwoordige situasie en tyd" sou hulle besluit vatbaar gewees het vir misverstand, as sou die Woord by die tydsgees aangepas moet word. Hierdie motivering bied dus geen bewys dat die Sinode in sy besluit 'n tydgebonde vertaling voorstaan nie.

2.2.5.1.1.2 Die Sinode gee self 'n nadere verklaring van die woorde "in ons teenwoordige situasie en tyd" wanneer sy besluit verder lui: "As riglyn vir die vertaling [moet] die vertaling so verstaanbaar moontlik [...] wees, ook vir jongmense, maar die oorspronklike koloriet moet so ver moontlik behou word...". Daardeur maak die Sinode baie duidelik dat "in ons teenwoordige situasie en tyd" eerder oor verstaanbaarheid gaan as oor die boodskap. Die oorspronklike "koloriet" moet behou word, waardeur gesê word dat die oorspronklike kleur, segging, aanwending van beelde en formele samestelling waar moontlik in die doeltaal weergegee moet word. As dit van die "koloriet" geld, geld dit soveel te meer van die inhoud, die boodskap. Oor laasgenoemde sê die Sinode in sy besluit: "Vertaling is geen parafrase (omskrywing) nie..." Daardeur gee die Sinode duidelik te kenne dat die doel met die vertaling wat onderneem sou word,

geensins is om die inhoud in die doeltaal af te water of aan te tas nie. Die Sinode laat nie ruimte vir so 'n verstaan van sy opdrag nie.

#### 2.2.5.1.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.5.1 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.5.2 **Tweede motivering** (Acta 2006:146, 4.5.2)

Die Tweede motivering waarom die bewoording "in ons teenwoordige situasie en tyd" onbybels en in stryd met NGB, art 7 sou wees, is dat die "teenwoordige situasie en tyd" wel invloed op die vertaling gehad het. Met ander woorde: die AV83 is sodanig deur tydsgebonde denkbeelde en teorieë beïnvloed dat dit 'n tendensieuse vertaling is en dus 'n vervalsing is van God se ewige, onveranderlike Woord. As voorbeelde word die vertaling van die volgende drie frases in Genesis 1 tot 3 genoem, naamlik:

- (a) Gen 1:26: *b<sup>e</sup>tsalmēnū kidmūtēnū* (AV33/53: *na ons beeld, na ons gelykenis*), wat as "as ons verteenwoordiger, ons beeld" vertaal is. Hierin word aanpassing gesien by moderne begrippe en dat 'n wesens-eienskap van die geskape mens vervang is met 'n funksie.
- (b) Gen 2:9 en par.: *ēts hadda'at tōv wārā'* (AV33/53: *die boom van die kennis van goed en kwaad*), wat as "die boom van alle kennis" vertaal is. Hierin word aanpassing gesien van die normatiewe na modernistiese situasie- en tydsbepaaldheid. "Alle kennis" word as kwantitatief gesien.
- (c) Gen 2:18 en par.: *'ēzer k<sup>e</sup>negdō* (AV33/53: *'n hulp wat by hom pas*), wat as "iemand wat hom kan help, sy gelyke" vertaal is. Hierin word 'n aanpassing gesien by die feminisme.

#### 2.2.5.2.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.5.2.1.1 Dit lê nie op die weg van die Deputate om te oordeel of die drie voorbeelde wat genoem word, beantwoord aan die eis wat die Sinode gestel het, naamlik "verstaanbaar ... so getrou moontlik aan die grondteks ... koloriet moet ... behou word". Daar kan 'n saak voor uitgemaak word dat ten minste sommige van die voorbeelde ongelukkige vertalings is omdat dit na parafrasering neig.

2.2.5.2.1.2 Die Beswaarskrif bly egter in gebreke om aan te toon dat sodanige vertaling werklik 'n aanpassing is by moderne begrippe of die tydsgees (waaronder feminisme). Al drie genoemde frases kan verstaan word soos in die AV83 weerspieël word op grond van eksegetiese en die semantiek van die Hebreeuse grondtaal. Daarmee word nie gesê dat die vertaling soos in die AV83 die beste of gewenste vertaling is nie.

- (a) Gen 1:26: *b<sup>e</sup>tsalmēnū kidmūtēnū*: Die betekenis van die twee Hebreeuse woorde, wat hier komplementêrend gebruik word, is die voorwerp van baie filologiese en teologiese studies oor baie eeue. Beide woorde verwys letterlik na 'n beeld of afbeelding, maar omdat God onderskeie is van sy skepping, kan die mens nie fisies 'n afbeelding van God wees nie. Die betekenis van die twee woorde word dikwels in die konteks van Genesis 1 gesoek, naamlik dat die mens die aarde moet onderwerp en daarvoor moet heers (1:28), soortgelyk aan die opdrag om die tuin te bewerk en te bewaak (2:15). So 'n heerskappy kan die mens nie in die plek van God uitoefen nie, maar namens God. Oor die vraag of "verteenwoordiger" die *beste* vertaling is, bestaan daar wel meningsverskil. Dit is egter nie vergesog is of 'n aanpassing by moderne begrippe en die tydsgees om "beeld en gelykenis" te sien as 'n tipe metafoor wat aandui dat die mens God se verteenwoordiger is.
- (b) Gen 2:9 en par.: *ēts hadda'at tōv wārā'*: Net soos die voorafgaande woorde, berus die vertaling in die AV83 op 'n bepaalde verstaan van die woorde en nie op 'n ideologie wat die teks ingedra word nie. "Alle kennis" wil dui op kennis van die totale morele spektrum, van kwaad (aan die een kant) tot goed (aan die ander kant). Dat die koloriet van die Hebreeus met so 'n

vertaling in die gedrang kan kom, beteken nog nie dat so 'n vertaling 'n moedswillige verdraaiing van God se openbaring is nie.

- (c) Gen 2:18 en par: 'ēzer k<sup>e</sup>negdô: Hierdie woorde kan moeilik vertaal word. In Hebreeus beteken dit letterlik: "*helper/hulp* (manlike vorm!) *soos-sy-teenoorgestelde*". Laasgenoemde kan ook vertaal word met "*as-sy-komplement*" (KBL<sup>3</sup>:591: *Wie sein Gegenstück*). Beide woorde moet noodwendig in enige vertaling geïnterpreteer word om dit enigszins in die doeltaal verstaanbaar te maak. Deur interpretasie kom dikwels verskraling. Selfs die AV33/53 (*hulp wat by hom pas*) kan as 'n verskraling van die Hebreeus beskou word. Die AV83 se weergawe " *iemand wat hom kan help*" is 'n goeie interpretasie van die eerste woord, 'ēzer, wat dui op helper in die volle sin van die woord en nie bloot 'n handlanger nie. God word ook die gelowige se 'ēzer genoem (bv Eks 18:4). Die AV83 se weergawe "*wat by hom pas*" laat reg geskied aan k<sup>e</sup>negdô, wat daarop dui dat die vrou bedoel was as die mens se "ander helfte" (komplement), wat wesensgelyk is aan hom. Daardeur word nie 'n uitspraak gemaak oor die rol van die man as hoof van die vrou in die huwelik nie.

#### 2.2.5.2.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.5.2 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.5.3 **Derde motivering** (Acta 2006:147, 4.5.3)

Die Derde motivering waarom die bewoording "in ons teenwoordige situasie en tyd" onbybels en in stryd met NGB, art 7 sou wees, stem ooreen met die vorige (Tweede) motivering. Verdere groepe voorbeelde word genoem hoedat die tydsgees wel invloed op die 1983-vertaling gehad het. Daar word naamlik beweer dat die 1983-vertaling hom skuldig maak aan die volgende drie sake:

- Ontmessianisering van die Ou Testament
- Ontgoddeliking van Christus
- Ontbinding van die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testamente.

#### 2.2.5.3.1 **Beredenering van die motivering**

Die Derde motivering word nie met argumente gerugsteun nie, buiten by wyse van 'n terugverwysing na 4.1.3 en 4.1.2 van die Beswaarskrif. Daar word dus as antwoord op die Derde motivering met die bostaande beredenering van die twee beswaargrondte volstaan (hierbo in 2.2.1 en subparagrafe).

#### 2.2.5.3.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.5.3 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.5.4 **Vierde motivering** (Acta 2006:147, 4.5.4)

Die Vierde motivering waarom die bewoording "in ons teenwoordige situasie en tyd" onbybels en in stryd met NGB, art 7 sou wees, bevat verskeie bewerings of argumente, naamlik:

- (a) "Die invloed van die 'teenwoordige situasie en tyd' op die vertaling is moontlik die enigste aspek van die opdrag wat uitgevoer is – en dit tot nadeel van die eindresultaat."
- (b) Parafrasering en D-E is wesenlik sinoniem. Die Bybel word reeds verkeerd (geïnterpreteer) aangebied.
- (c) Die tydsgees het teen letterlikheid in vertaling gedraai. Om dié bewering te staaf word aangehaal uit die rapport vir Bybelvertaling van 1973, waar die Bybelgenootskap se standpunt weergegee word, onder andere dat daar soms eksplisiet gemaak moet word wat implisiet is.

#### 2.2.5.4.1 **Beredenering van die motivering**

- 2.2.5.4.1.1 Die eerste argument hierbo is onduidelik, word gekwalifiseer met die woord "moontlik" en word nie gerugsteun nie. Verskeie aspekte (riglyne) vir die vertaling word deur die Sinode se besluit (waarteen geappelleer word) aangedui, bv dat die vertaling rekening moet hou met die ontwikkeling van Afrikaans, dat dit so

- verstaanbaar moontlik moet wees en dat dit 'n waardige vertaling moet wees. Die Beswaarskrif dui nie aan dat die "teenwoordige situasie en tyd" die enigste aspek is wat uitgevoer is en dat daar glad nie aan ander aspekte aandag gegee is.
- 2.2.5.4.1.2 Die bewering dat parafrasering en DE wesenlik sinoniem is, word nie bewys nie en daardeur word nie aangetoon dat die 1983-vertaling inderdaad 'n parafrase is nie. Indien die bewering egter waar sou wees, dien dit nog nie as grond waarom die 1983-vertaling (as sogenaamde parafrase) deur die tydsgees beïnvloed is nie. Dis is moontlik om parafraserings van die Bybel te maak wat níe die tydsgees adem nie. Parafraserings maak ook nie noodwendig daarop aanspraak om Bybelvertalings te wees wat vir kerklike (liturgiese) gebruik bedoel is of daarvoor geskik is nie.
- 2.2.5.4.1.3 Dinamies-ekwivalente vertaling was inderdaad 'n tendens gedurende die sestiger en sewentigerjare van die vorige eeu – 'n tendens waarvoor die huidige Rapport geensins in die bresse wil tree nie. Intussen (tot die hede, 2008) het die tendens verbygegaan. Dat die taal-teoretiese uitgangspunte van die D-E-metode egter onbybels en in stryd met NGB, art 7 is , word nie hier deur die Beswaarskrif aangetoon nie. Die teendeel is waar: die aanhaling wat die Beswaarskrif as bewys voorhou vir hulle bewering, beklemtoon verstaanbare taal in 'n vertaling gebruik moet word en dat daar soms (onderstreping deur Rapport bygevoeg) eksplisiet gemaak word wat implisiet in die teks is. Alle vertalings moet soms eksplisiet maak wat implisiet in die teks is, insluitend brontaalgerigte vertalings soos die AV33/53. Die mate waartoe dit gebeur verskil egter namate die vertaling meer doeltaalgerig raak.
- 2.2.5.4.2 **Bevinding**  
Die motivering van die beswaargrond wat in 4.5.4 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.
- 2.2.5.5 **Vyfde motivering** (Acta 2006:147, 4.5.5)  
Die Vyfde motivering waarom die bewoording "in ons teenwoordige situasie en tyd" onbybels en in stryd met NGB, art 7 sou wees, is dat die D-E-vertaalmetode die mens van God se Woord beroof, omdat baie woorde weggelaat of uitgegooi of verander word of met die mens se woorde vervang word. Die beswaar noem dit 'n afwyking van die "beginsel van letterlike vertaling", wat mense se woorde eerder as die werklike Woorde van die Skrif gesagvol maak.
- 2.2.5.5.1 **Beredenering van die motivering**
- 2.2.5.5.1.1 Hierdie motivering bevat waarskynlik die teoretiese onderbou van die hele Beswaarskrif. Die feit dat die Bybel deur God "uitgeadem" is, word gesien as aanduiding dat "die Bybelse taal nie primêr binne 'n menslike kultuur vasgevang is nie". Die bonatuurlike element in God se openbaring word so sterk beklemtoon, dat getroue vertaling gemeet word ooreenkomstig die behoud van woorde, eerder as begrippe, frases en sinne. God het sy Woord in mensetaal gegee en elke spesifieke mensetaal het sy eie taalkundige reëls wat by vertaling in ag geneem moet word.
- 2.2.5.5.1.2 Dit is eenvoudig nie moontlik om geldig te vertaal sonder om verder as woorde te gaan nie. Dit geld selfs vir brontaalgerigte ("letterlike") vertalings. Wanneer 'n "vertaling" woord-vir-woord geskied, verloor die "vertaling" die aard van 'n vertaling en word dit soortgelyk aan 'n interlineêre weergawe van die oorspronklike, wat vir die Bybelleser sonder kennis van die brontaal, haas onverstaanbaar is.
- 2.2.5.5.1.3 Die Beswaarskrif bly in gebreke om aan te toon hóé letterlik 'n vertaling moet wees, sodat dit nie onbybels en in stryd met die belydenis is nie. Moet dit byvoorbeeld letterlik wees in die sin dat woord-vir-woord vertaal word, sonder om die doeltaal se idioom in ag te neem?
- 2.2.5.5.1.4 "Letterlike vertaling" is as sodanig nie 'n beginsel nie en afwyking daarvan is nie noodwendig 'n voorbeeld van modernisme nie of dat (soos dit gestel word) "die Bybel konformeer om plaas daarvan dat dit die heidense kultuur konfronteer"

nie. Die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) is reeds vóór die koms van die D-E-vertaalmetode nie konsekwent letterlik vertaal nie. 'n Voorbeeld is die Septuaginta, 'n vertaling in Grieks, wat nog voor die begin van ons jaartelling gemaak is en wat deur 'n groot deel van die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese Kerk as Kanon gebruik is. Trouens, as Jesus en die dissipels uit die Ou Testament aanhaal, is dit dikwels nie met verwysing na die (letterlike) Hebreeuse teks nie, maar na Griekse vertalings soos die Septuaginta.

#### 2.2.5.5.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.5.5 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.5.6 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.5 in geheel**

**Besluit: Kennis geneem van 2.2.5 tot 2.2.5.6.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2.5 kan slaag nie, aangesien die motiverings daarvan ontoereikend is.

**Besluit: Goedgekeur.**

#### 2.2.6 **Beswaargrond 2.6: Die GKSA het in die aanvaarding van die NAV sy verantwoordelikheid, roeping en plig tot bewaring van die ware Woord van God, effektief verteken en aan die BSA oorgedra**

Vier motiverings word vir hierdie beswaargrond gegee.

##### 2.2.6.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:148, 4.6.1)

Die Eerste motivering waarom die GKSA in die aanvaarding van die 1983-vertaling sy verantwoordelikheid, roeping en plig tot bewaring van die ware Woord van God effektief sou verteken en aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sou oorgedra het, is dat die Bybelgenootskap oor die vertaalbeleid en vertaalmetode besluit het strydig met die besluite van die GKSA.

##### 2.2.6.1.1 **Beredenering van die motivering**

Hierdie Eerste motivering word nie met argumente gerugsteun nie, buiten deur te verwys na 3.1 van die Beswaarskrif waarin beredeneer word dat die GKSA nie by sy eie riglyne gehou het nie. As antwoord op die Eerste motivering word met die bostaande beredenering van beswaargrond 3.1 volstaan (punt 2.1.1 hierbo).

##### 2.2.6.1.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.6.1 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

##### 2.2.6.2 **Tweede motivering** (Acta 2006:148, 4.6.2)

Die Tweede motivering waarom die GKSA in die aanvaarding van die 1983-vertaling sy verantwoordelikheid, roeping en plig tot bewaring van die ware Woord van God effektief sou verteken en aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sou oorgedra het, is dat hulle finale seggenskap verloor het deur demokratiese oorheersing via die vertaalkommissie van die Bybelgenootskap. Die Beswaarskrif grond hierdie bewering op 'n waarneming dat meer as 90% van die GKSA se Deputate vir Bybelvertaling se aanbevelings nie in die finale redaksie van die AV83 weerspieël word nie.

##### 2.2.6.2.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.6.2.1.1 Die Beswaarskrif gaan uit van die veronderstelling dat die GKSA die proses en finale produk van vertaling moes ratifiseer. Dit lê egter nie op die weg van meerdere vergaderings om amptelike status aan Bybelvertalings te verleen nie. Dit sou beteken dat die sinode alle aspekte van 'n Bybelvertaling vir moet rekening moet neem, wat 'n haas onbegonne taak is.

2.2.6.2.1.2 Aan die ander kant was daar op geen stadium sprake van 'n oordrag van verantwoordelikheid deur deelname aan 'n vertaalprojek nie. Nóg die meewerkende kerke (kerkverbande), nóg die kerklike advieskomitee (bestaande uit verteenwoordigers van die meewerkende kerke), nóg die vertalers wat kerke vir die projek afgesonder het, is in hulle gewetens gebind aan die vertaalprojek. Dit het enige kerk of individu vrygestaan om aan die

projek te onttrek, sou daar sprake van "demokratiese oorheersing via die vertaalkommissie" gewees het.

- 2.2.6.2.1.3 Die GKSA se besluit van 1985 (p576, 4.2), meld alleen dat die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel naas mekaar deur die kerke gebruik kan word, met die implikasie dat die roeping, verantwoordelikheid en plig tot bewaring van die ware Woord van God by die plaaslike Kerkrade berus, wat oor die bediening van die Woord opsig het.
- 2.2.6.2.1.4 Dit lê wel op die weg van die Sinode om deur middel van Deputate mee te werk met ander kerke (kerkverbande) in die daarstelling van 'n goeie Bybelvertaling wat teen 'n subekonomiese prys beskikbaar gestel word, veral in die lig van baie privaatvertalings wat soms met min kontrole uitgevoer en ekonomies bemark word. Plaaslike kerke kan moeilik alleen sodanige funksie verrig omdat dit oor sake handel wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie (vgl KO, art 30). Die Sinode het deur middel van die Bybelgenootskap met ander kerke saamgewerk. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was tydens die besluit tot samewerking die enigste geskikte instansie wat sodanige samewerking kon fasiliteer. Soos met enige gesamentlike onderneming die geval is, kon die GKSA positiewe insette lewer (ten opsigte van byvoorbeeld die vertaalbeleid en –proses), maar was dit nie moontlik om aan alle vereistes wat die Gereformeerde Kerke gestel het, te voldoen nie. Enige gesamentlike onderneming vereis 'n proses van gee en neem.
- 2.2.6.2.1.5 Die Sinodes van 1985 en 1991, waarna die Beswaarskrif verwys, het die sake waaraan die AV83 nie kon voldoen nie, nie as gewigtig genoeg beskou om die AV83 vir kerklike gebruik af te wys nie. Die vertaling is in 1985 egter nie uitsluitlik (as enigste vertaling) en ongekwalifiseerd (as vertaling sonder probleme) aanvaar nie. Laasgenoemde (gekwalifiseerde aanvaarding) blyk uit verdere insette wat die Deputate Bybelvertaling by die Bybelgenootskap gelewer het, waarvan sommige in die hersiene uitgawe van 1991 weerspieël is. Verder het daaropvolgende Sinodes besware teen die wyse waarop die Naam JHWH in die Ou Testament vertaal is, gehandhaaf (vir verwysings, vergelyk 2.1.3 hierbo). Die aandrang van die GKSA op 'n meer brontaal-gerigte vertaling, het uiteindelik gelei tot die Bybelvertalingsprojek waaraan die GKSA tans meewerk.
- 2.2.6.2.2 **Bevinding**  
Die motivering van die beswaargrond wat in 4.6.2 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.
- 2.2.6.3 **Derde motivering** (Acta 2006:148, 4.6.3)  
Die Derde motivering waarom die GKSA in die aanvaarding van die AV83 sy verantwoordelikheid, roeping en plig tot bewaring van die ware Woord van God effektief sou verteken en aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sou oorgedra het, is dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika deel van die United Bible Societies uitmaak, wat op sy beurt die Bybelvertaalarm van die Wêreldraad van Kerke is. Daar word ook aangevoer dat die Bybelgenootskap noue bande met die Rooms-Katolieke Kerk het. 'n Tweede argument word as motivering aangevoer, naamlik dat Bybelgenootskappe wêreldwyd voorkeur aan D-E-vertalings gee en die tydsgees teen letterlikheid gedraai het.
- 2.2.6.3.1 **Beredenering van die motivering**
- 2.2.6.3.1.1 Die Beswaarskrif gaan uit van die veronderstelling dat 'n mens net met gelykgesindes (kerke met dieselfde belydenis) mag meewerk met Bybelvertaling. Blote assosiasie met persone van 'n ander belydenis besmet egter nog nie 'n vertaalprojek en die produk (die vertaling nie). Daar word nie oortuigend in die Beswaarskrif aangetoon dat die BSA inderdaad onder gesag en invloed van die WRK staan nie en hoe sodanige band, indien dit daadwerklik bestaan, 'n invloed op die vertaling uitoefen nie. Wanneer daar tydens die uitvoering van 'n projek eerlik met die teks van die Bybel omgegaan word, kan

met mense van uiteenlopende oortuigings saamgewerk word. Die finale toetssteen bly 'n gesonde vertaalbeleid en nougesette toepassing van die vertaalbeleid. Skrifbeskouing hoef nie noodwendig in 'n vertaling neerslag te vind nie. Dit geld te meer as die vertaling brontaalgerig gedoen word, soos wat die Beswaarskrif bepleit.

2.2.6.3.1.2 Die United Bible Societies en plaaslike Bybelgenootskappe wat by hulle geaffilieer is, is nie die enigste groepe of Bybelgenootskappe wat met vertaling gemoeid is nie. Die *Wycliffe Bible Translators* is een van vele alternatiewe organisasies wat aktief in baie lande met Bybelvertaling gemoeid is. Elk van die organisasies bepaal sy eie vertaalbeleid, wat soms van vertaling tot vertaling mag verskil. Sommige van die vertalings wat die lig sien, is sterk brontaalgerig. Om in die algemeen te beweer dat die tydsgees teen letterlikheid gedraai het, is eenvoudig nie waar nie. Dié bewering (in die Beswaarskrif) word gemaak in 2006, toe dit reeds duidelik is dat die D-E-benadering grootliks in onguns verval het onder Bybelvertalers.

#### 2.2.6.3.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.6.3 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.6.4 **Vierde motivering** (Acta 2006:148, 4.6.4)

Die Vierde motivering waarom die GKSA in die aanvaarding van die AV83 sy verantwoordelikheid, roeping en plig tot bewaring van die ware Woord van God effektief sou verteken en aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sou oorgedra het, is dat die GKSA saam met die NGK en NHK gewerk het, wat in Skrifbeskouing en binding aan die Belydenisskrifte van die GKSA verskil. Hierdie samewerking het gelei tot konsensus, terwyl daar aanvanklik met die proefvertaling (*Die Blye Boodschap*) heftige besware was.

#### 2.2.6.4.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.6.4.1.1 Hierdie Vierde motivering is wesenlik dieselfde as die Derde motivering. By die Derde motivering is die WRK en Roomsgesindes genoem, terwyl in hierdie Vierde motivering twee kerke van Gereformeerde belydenis genoem word, wat nader aan die GKSA staan, maar wat daadwerklik aan die vertaalprojek deelgeneem het. Die Beswaarskrif word dus op dieselfde wyse geantwoord as hierbo by 2.2.6.3.1.

2.2.6.4.1.2 Die bewering dat daar uiteindelik konsensus was ("If you can't win them, join them"), word nie oortuigend aangetoon nie. Die Deputate vir Bybelvertaling het immers na die voltooiing van die AV83 herformulerings voorgestel en daar was nooit ongekwalifiseerde aanvaarding nie (sien 2.2.6.2.1.5 hierbo).

#### 2.2.6.4.2 **Bevinding**

Die motivering van die beswaargrond wat in 4.6.4 van die Beswaarskrif gegee word, bied geen geldige grond vir beswaar nie.

#### 2.2.6.5 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.6 in geheel**

**Besluit: Kennis geneem van 2.2.6 tot 2.2.6.5.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2.6 kan slaag nie, aangesien die motiverings daarvan ontoereikend is.

**Besluit: Goedgekeur.**

#### 2.2.7 **Beswaargrond 2.7: Die stelling deur Sinode 1991 dat die Gereformeerde Kerke nog nooit 'n enkele Bybelvertaling "gekanoniseer" het deur dit as die enigste moontlike vertaling te aanvaar nie, is ongeloofstaal**

Weergawe van die beswaar: Beswaar word aangeteken teen die besluit van Sinode 1991 dat die Beswaarskrif van Die Kandelaar geen grondige redes bied waarom die besluit van die Nasionale Sinode 1985 om beide vertalings naas mekaar te gebruik, gerojear of hersien moet word nie (Acta 1991:124, 9.2.1; 128, 14). Hieroor beweer die beswaarde: Die aanvaarde stelling (deur die Nas Sinode) *naamlik dat die GKSA geen vertaling gekanoniseer, aanvaar, goedgekeur of gesanksioneer het nie* is ongeloofstaal

en strydig met alle aksiomas betreffende die bewoording *Woord van God* en dat die GKSA 'n vertaalmetode aanvaar het. Vyf motiverings word vir hierdie beswaargrond gegee (Acta 2006:148, 1.5 en 4.7).

2.2.7.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:149, 4.7.1)

Aanvaarding van beide die 1933/53 en 1983 vertalings word deur die Sinodebesluit ontken. Dit is 'n gespeel met woorde en pas nie ooreenkomstig KO, art 30 nie.

2.2.7.1.1 **Beredenering van die motivering**

Geen beredenering word hier gebied nie, net 'n opinie as stelling. Daar word nie aangedui dat KO, art 30 geminag of geïgnoreer word nie.

2.2.7.1.2 **Bevinding:** Die Eerste motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

2.2.7.2 **Tweede motivering** (Acta 2006:149, 4.7.2)

NGB, artt 4-7 word alle krag ontnem want kanonisiteit moet aan óf die vertaling óf die grondteks toegeken word. Die AV33/53 is aksiomaties as Woord van God aanvaar terwyl die AV83 homself diskwalifiseer as Woord van God deur die weglating in die voorwoord van die woorde "getrou moontlik aan die grondteks bly."

2.2.7.2.1 **Beredenering van die motivering**

2.2.7.2.1.1 Die inhoud of impak van die genoemde NGB-artikels word nie verklaar of beredeneer nie. Die motivering bestaan slegs uit ongekwalfiseerde stellings, sonder dat enige bewyse gelewer word. 'n Vertaling behoort immers ook aan die vertaling self beoordeel te word en nie bloot aan 'n frase in die voorwoord nie.

2.2.7.2.1.2 Die beswaardes hanteer die woord *kanon*, *kanoniseer* en *kanonisiteit* asof die kerk 'n vertaling tot onfeilbare Kanon moet verklaar. Die bedoeling van die Rapport in 1991 was juis om by die beginsel dat die Bybel nie deur kerk gekanoniseer word nie aan te sluit. Volgens hierdie beginsel berus dit ook nie by die kerk om aan enige Bybelvertaling onveranderlikheid toe te ken nie. Anders as Rome wat die Latynse Vulgaatvertaling tot onveranderlike kanon verklaar het, is die kerke van die reformasie daarvan bewus dat alle vertaling feilbare mensewerk is. Daarom het Gereformeerde Kerke nog altyd daarteen gewaak om vertalings op gelyke vlak met die onveranderlike Kanon te stel. Buiten die feit dat die beswaardes hierdie belangrike feit nie in berekening bring nie, word hulle motivering gekenmerk deur onbewese stellings en verwarrende gebruik van terme.

2.2.7.2.2 **Bevinding:** Die Tweede motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

2.2.7.3 **Derde motivering** (Acta 2006:150, 4.7.3)

Die gebrek aan kanonieke gesag aan die vertalings verleen aan die Belydenisskrifte meer gesag as aan die vertalings, en die belydenis se gesag word ondermyn omdat daar geen kanon is nie.

2.2.7.3.1 **Beredenering van die motivering**

Weereens wil dit voorkom dat die motivering op 'n misverstand oor die begrip *Kanon* en die aard van die Kanon berus, asook op 'n waninterpretasie van die bedoeling van die Rapport 1991. Wat nie in die Beswaarskrif in berekening gebring word nie, is die feit dat die Gereformeerde Kerk te midde van die *quia*-gesag van die Belydenisskrifte dit steeds nie as onfeilbaar beskou nie maar dit nog altyd as toetsbaar aan die Bybel as Kanon ag. Desgelyks is ook elke Bybelvertaling, te midde van die feit dat dit die kanon in vertaling is, altyd maar weer toetsbaar aan die Bybel in die oorspronklike tale as onfeilbare Kanon.

2.2.7.3.2 **Bevinding:** As gevolg van die gemelde misverstande is ook die Derde motivering vir die beswaargrond ontoereikend.

2.2.7.4 **Vierde motivering** (Acta 2006:150, 4.7.4)

Die beswaardes beweer dat die 1991 besluit ons terugbring na Rome waar slegs geestelikes toegang tot die kanon het. Die gebrek aan 'n kanon in vertaling verhoed dat die ouderlinge kan toesig hou.

#### 2.2.7.4.1 **Beredenering van die motivering**

Die motivering rus weer eens op 'n misverstand oor die begrip *kanon* en die verhouding tussen Bybelvertalings en die Bybel in die oorspronklike tale (vgl 2.2.7.3.1 hierbo). Daarom is die bewering oor die Roomse karakter van die besluit ongemotiveerd.

2.2.7.4.2 **Bevinding:** Die Vierde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.2.7.5 **Vyfde motivering** (Acta 2006:150, 4.7.5)

Die beswaardes beweer dat die 1991 besluit geloofsekerheid ondergrawe omdat dit te kenne gee dat daar nie 'n kanon is nie.

#### 2.2.7.5.1 **Beredenering van die motivering**

Hierdie motivering berus weereens op 'n misverstand oor die bedoeling en implikasies van die 1991 besluit (vgl 2.2.7.3.1 hierbo). Gevolglik is die afleiding dat die vertaling nie kanon is nie, ongeldig. So ook die afleiding dat die besluit geloofsekerheid ondergrawe.

2.2.7.5.2 **Bevinding:** Ook die Vyfde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.2.7.6 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 2.7 in geheel**

**Besluit: Kennis geneem van 2.2.7 tot 2.2.7.6.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 2.7 kan slaag nie, aangesien die motivering daarvan ontoereikend is.

**Besluit: Goedgekeur.**

### 2.3 *Enkele praktiese besware*

#### 2.3.1 **Beswaargrond 3.1: "Die 1988 Beswaar van Kandelaar ten onregte afgewys"**

Die Beswaardes beweer dat die Beswaar wat Die Kandelaar by die 1988 Sinode teen die aanvaarding van die AV83 ingedien het ten onregte afgewys is (Acta 2006:150, 2.8). Twee motiverings word vir die beswaargrond aangebied.

#### 2.3.1.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:150, 4.8.1)

Die beswaardes beweer dat die Sinode van 1988 gefouteer het deur te bevind dat die Beswaarskrif van Die Kandelaar "geen gegronde redes" bevat nie. "Deurgaans word redes gegrond – selfs toegegee deur Deputate – maar met omseilende argumente as onvoldoende beredeneer in plaas van redes te stel hoekom die besware ongegrond is."

#### 2.3.1.1.1 **Beredenering van die motivering**

Die beswaarde stel bloot 'n persoonlike mening wat op 'n eie verstaan van die woorde "gegronde redes", "ongegronde" en "onvoldoende" berus. Hy bied geen bewyse aan waarop hy sy beswaar grond nie.

2.3.1.1.2 **Bevinding:** Die Eerste motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

#### 2.3.1.2 **Tweede motivering** (Acta 2006:150, 4.8.2)

Die beswaardes beweer dat die beswaar van Die Kandelaar gegrond was omdat die Sinode die beswaardes op talle plekke gelyk gegee het.

#### 2.3.1.2.1 **Beredenering van die motivering**

'n Sewetal voorbeelde word gebied ter onderskrywing van die stelling in die beswaar. Die feit dat aan enkele argumente toegegee word bewys egter nie dat die beswaar in sy geheel gegrond is nie. Die argumente van 'n beswaar kan immers korrek wees, maar wanneer dit binne konteks geplaas word, kan dit nie as grond vir die beswaar geld nie. Sinode 1988 het immers by herhaling daarop gewys dat stellings wat in die Beswaarskrif gemaak word, korrek is, maar dat dit relatiewe word:

(a) enersyds deur die feit dat die AV83 juis nie bedoel is om 'n konkordante vertaling te wees nie en dat dit daarom onbillik is om daarvan te verwag om aan die eise van 'n konkordante vertaling te beantwoord of die funksies daarvan te vervul, en

(b) andersyds deur die feit dat die AV33/53 steeds "naas die AV83" in die kerke gebruik word en aan die leemtes wat die beswaardes uitwys, kan voldoen.

2.3.1.2.2 **Bevinding:** Die Tweede motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

**Besluit: Kennis geneem van 2.3 tot 2.3.1.2.2.**

2.3.1.3 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 3.1 in geheel**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 3.1 kan slaag nie, aangesien die motivering daarvan ontoereikend is.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.3.2 **Beswaargrond 3.2: "Die twee vertalings is nie gelykwaardig nie"**

Die beswaardes spreek die mening uit dat ten spyte van verskeie uitsprake van Sinodes die besware wat uit verskillende oorde teen die AV83 ingebring is, daarvan bewys lewer dat daar geen gelykwaardigheid tussen die twee vertalings bestaan nie. "Gelykwaardigheid word deur die inhoud bepaal, nie deur 'n verklaring nie" (Acta 2006:150, 4.9).

2.3.2.1 **Beredenering van die argument**

Die beswaardes spreek bloot 'n eie mening uit sonder om konkrete gronde vir hulle beswaar te voorsien. Verder word ook nie daarmee rekening gehou dat dit deur die Sinode duidelik gestel is dat die AV33/53 en AV83 sodanig in aard en doel van mekaar verskil dat dit nie as twee bloot alternatiewe vertalings beskou moet word nie (vgl Acta 1985:593, 2.4.2, pt 1; Acta 1991:113, 2.1.2.5.1.3).

2.3.2.2 **Bevinding:** Die argumente vir die beswaargrond is ontoereikend.

**Besluit: Kennis geneem van 2.3.2 tot 2.3.2.2.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 3.2 kan slaag nie, aangesien die argumente daarvoor ontoereikend is.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.3.3 **Beswaargrond 3.3: "Die twee vertalings naas mekaar gebruik?"**

Die beswaar gaan teen die stelling dat die twee vertalings naas mekaar deur die kerke gebruik kan word. Die beswaarde beweer dat die besluit ondeurdag, ontrou en strydig met die negende gebod is. (Acta 2006:150, 4.10). Drie motiverings word aangevoer.

2.3.3.1 **Eerste motivering** (Acta 2006:150, 4.10.1)

Die besluit was voortydig, aangesien talle besware en wysigings nog behandel moes word. Die *sub judice* reël behoort hier te gegeld het.

2.3.3.1.1 **Beredenering van die motivering**

Selfs al sou die *sub judice* reël gegeld het, veronderstel dit nie non-aktiwiteit nie. Die Sinode het dus binne sy reg opgetree om met die lig en getuienis tot beskikking wel 'n beginselbesluit te neem oor dit wat op die tafel was, en daarby te besluit dat besware en regstellings deurgegee moet word vir revisie.

2.3.3.1.2 **Bevinding:** Die Eerste motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

2.3.3.2 **Tweede motivering** (Acta 2006:150, 4.10.2)

Die AV83 onderskryf nie die Belydenisskrifte nie.

2.3.3.2.1 **Beredenering van die motivering**

Die verhouding tussen die Belydenisskrifte en AV83 word nie beredeneer nie buiten vir die losstaande en onbewese opinies oor sekere veronderstellings in die motivering.

2.3.3.2.2 **Bevinding:** Die Tweede motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

2.3.3.3 **Derde motivering** (Acta 2006:150, 4.10.3)

Die strategie om die AV83 by die kerkvolk te promoveer kom ooreen met die strategie wat wêreldwyd vir soortgelyke vertalings gevolg is.

2.3.3.3.1 **Beredenering van die motivering**

Die Derde motivering word sonder enige bewys gestel.

2.3.3.3.2 **Bevinding:** Die Derde motivering vir die beswaargrond is ontoereikend.

**Besluit: Kennis geneem van 2.3.3 tot 2.3.3.3.2.**

2.3.3.4 **Bevinding ten opsigte van Beswaargrond 3.3 as geheel**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 3.3 kan slaag nie, aangesien die argumente daarvoor ontoereikend is.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.3.4 **Beswaargrond 3.4: "Aanvaarding van AV83 was onbetroubare besluitneming"**

Die beswaardes spreek die mening uit dat aanvaarding van 'n vertaling strydig met die opdrag, op onbetroubare besluitneming neerkom. (Acta 2006:150, 4.11)

2.3.4.1 **Beredenering van die argument**

Die opinie wat die beswaardes in hierdie beswaargrond uitspreek, berus op die veronderstelling dat die vertaling strydig met die opdrag van die Sinode uitgevoer is. Aangesien hierdie veronderstelling reeds as ongegrond aangetoon is (vgl 2.1 hierbo) verval hierdie argument.

2.3.4.2 **Bevinding:** Die argumente vir die beswaargrond is ongegrond.

**Besluit: Kennis geneem van 2.3.4 tot 2.3.4.2.**

**Aanbeveling:** Die Sinode oordeel dat die beswaar nie op Beswaargrond 3.4 kan slaag nie, aangesien dit op ongegronde argumente berus.

**Besluit: Goedgekeur.**

**3. Sake vir besluitneming**

3.1 *Aanbeveling*

Die Deputate beveel aan dat op grond van die bostaande bevindings soos volg besluit word:

- 3.1.1 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 1 nie.
- 3.1.2 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.1 nie.
- 3.1.3 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.2 nie.
- 3.1.4 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.3 nie.
- 3.1.5 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.4 nie.
- 3.1.6 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.5 nie.
- 3.1.7 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.6 nie.
- 3.1.8 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 2.7 nie.
- 3.1.9 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 3.1 nie.
- 3.1.10 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 3.2 nie.
- 3.1.11 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 3.3 nie.
- 3.1.12 Die beswaar slaag nie op Beswaargrond 3.4 nie.

**Besluit: Goedgekeur.**

3.2 *Samevattende aanbeveling*

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

**Besluit: Goedgekeur.**